

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/55

DELMAS

1987-05-20

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 222

(Bladsye 11 752 - 11 812)

HOF HERVAT OP 20 MEI 1987.

OUPA JOHN HLOMOKA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : U Edele, al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons was laas besig met BEWYSSTUK B2. Die opskrif van die dokument is "Mobilise and consolidate, Third Annual Congress 4th to 6th February 1983 AZAPO" en dit is die toespraak deur Satch Cooper. Op bladsy 15 die middelste kolom wil ek u na verwys, die derde paragraaf "Post 1976 has indicated to the oppressed on the one hand the depth of anger was never previously experienced(10) in the history of liberation of Azania. The oppressed having experienced the power of mass action, the potential for instant mass reaction will more and more frequently be demonstrated in future years." Die 1976 waarna verwys word, stem u saam dit was die onluste wat in Soweto was? -- Die 1976 wat na verwys word is die dag wat die skoliere geskiet was terwyl hulle gedemonstreer het.

En hier word, stem u saam, daarop gewys dat georganiseerde massa aksie heelwat potensiaal het in die vryheidstryd? Stem u daarmee saam? -- Ja, ek verstaan dit, maar (20) ek sê hierdie dag wat gebeur het is dat die skoolkinders bekend wou gemaak het wat hulle gevoelens was. Dus het hulle besluit om te demonstreer en 'n optog gevorm.

Wie het dit vir u gevra wat u nou geantwoord het? -- Ek verduidelik die massa aksie wat u van praat dat dit nie net 'n loshangende ding is nie.

Stem u saam dat hier gesê word dat daar verwag kan word in die toekoms dat daar weer massa aksie gaan wees in die vryheidstryd? -- Dit is so.

Stem u ook saam hier word gesuggereer dat kyk, daar (30)

is/...

is sukses behaal met die massa aksie en ons moet dit weer gebruik in die toekoms? -- Dit hang af van die bestaande probleem. Die spreker hierso praat van die bestaande probleem destyds wat toe identifiseer was deur die persone in beheer as gevolg van die optrede in hierdie massa aksie.

Stem u saam dat hierdie massa aksie word gesê hier kan gebruik word as 'n mens na die vorige paragraaf kyk "the stark reality of White racism can only be confronted and destroyed by the revolutionary working class and peasantry, not by Whites themselves" dat hier gesuggerer word dat (10) massa aksie gebruik moet word om die "White racism" te konfronteer en te vernietig? -- Ek het dit al vantevore verduidelik. Ek sal dit weer verduidelik. Dit is vir die Swartmense om dit bekend te maak dat dit duidelik moet wees dat hulle nie tevrede is oor 'n sekere ding wat bestaan nie en vir dit om effektief te wees, moet hulle dan optree, gesamentlik optree om die gevoelens bekend te maak. Dit op sigself sluit nie geweld in nie.

Waar staan dit wat u nou sê in hierdie dokument? -- Die persoon is hier besig met 'n toespraak aan 'n organisasie(20) wat nie aan geweld glo nie. Die Black Consciousness self dring daarop aan, aan die vryheid van gedagte, dit wil sê die gebruik van die gedagte, nie die gebruik van die geweld nie. Dit is hoe ek dit verstaan en AZAPO.

Maar u sê nou hierdie massa aksie word gebruik om bekend te maak dat die mense nie tevrede is met iets nie, maar ek stel dit aan u, dit is nie wat hier staan nie. Hier word gesê uitdruklik, hulle word gekonfronteer en vernietig, "destroy"? -- U praat van "White racism" en u het dit nog nie identifiseer nie. Ek gee dus vir u 'n voorbeeld. (30)

Sê/...

Sê u vir my hoe vernietig h mens Wit rasisme deur massa aksie in h rewolusie?

MR BIZOS COMPLAINS ABOUT MR FICK DROPPING HIS VOICE AT THE END OF THE SENTENCE.

MNR. FICK : U het gister gesê dat AZAPO is besig met h rewolusie? -- Ek het gesê AZAPO is h "revolutionary" organisasie want dit wil h "complete change" hê.

Nou vra ek u, hierso word gesê deur AZAPO se segsman, dat "White racism can only be confronted and destroyed by a revolutionary working class" en dan verder word daar (10) gepraat van massa aksie. Nou vra ek vir u, as u dit nou alles saam lees, word Wit rasisme vernietig deur massa aksie, h rewolusie wat AZAPO mee besig is?

MR BIZOS : "By a revolutionary working class"?

HOF : Ek sal die sin stel. As mnr. Bizos dan nog beswaar het sal ek verbaas wees. Hier sê dit dat die harde werklikheid van rasisme kan net gekonfronteer word en vernietig word deur die rewolusionêre werkersklas en ek laat dan verder iets uit "peasantry" en dan sê dit in die volgende paragraaf dat sedert 1976 het die onderdrukte persone ondervind die (20) krag van massa optrede en dat die potensiaal vir oombliklike massa optrede of massa reaksie meer en meer dikwels gedemonstreer sal word in die jaar wat kom. Nou sê mnr.- Fick kan dit iets anders beteken as gewelddadige optrede. Nou wat is u antwoord op daardie stelling? -- My antwoord op die vraag is, die bedoeling van wat gebeur het in die jaar 1976 was nie om geweld te gebruik nie. As u praat van die sukses, indien daar enige was in daardie jaar, die probleem van die Bantoe-onderwys en die Afrikaans as h middel van instruksies was toe aandag aan gegee en daar was toe h verandering (30) aangebring/...

aangebring. Al wat daar plaasgevind het, is die mense wat deur die gebruik geaffekteer was, naamlik die Swartskoliere het daarteen opgetree en hierdie verandering gekry. Die spreker hierso in die toespraak sê die persone wat geaffekteer word deur die Wit rasisme, sal gesamentlik moet optree om die verandering te bewerkstellig en dan maak die persoon 'n voorbeeld met die gebeure van 1976. Met ander woorde, daar is geen geweld wat daar betrek word nie.

Was daar nie geweld in 1976 nie? -- Ek het nie 'n persoonlike kennis daarvan nie, maar wat ek wel vir die Hof (10) kan sê volgens wat ek weet is dat eers na die polisie geskiet het, was die situasie nie meer onder beheer gewees nie.

Wat het toe gebeur? -- Wat ek van weet is dat baie mense dood is.

Hoe? -- Nee, ek het nie daardie kennis hoe die mense gedood is nie.

Dit beteken nie in motorongelukke nie? -- Nee, dit was as gevolg van die gebeure van die dag.

As gevolg van oproer. Is dit nie? -- Miskien. Ek het nie kennis daarvan nie. Ek weet nie. (20)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U het seker ook nie kennis van wat gebeur het voordat die polisie geskiet het nie? -- Ek het die foto's gesien in die koerantberigte waar die kinders besig was met die mars.

HOF : Maar hierdie oproer in Soweto, ek toets nou u kennis, as u die berig lees, wat weet u? Die oproer in Soweto, het dit net 'n dag geduur of het dit lank geduur? -- Dit het nie 'n kort tyd geduur nie, want wat ek van weet is dat daar was toe later 'n verbod gemaak dat mense op sekere tye nie by sekere plekke moet wees nie. (30)

Is/...

Is dit 'n aandklokkeël of wat? -- Iets in daardie aard.
Ek kan nie meer so presies onthou wat dit was nie.

MNR. FICK : Sal u saamstem, die geweldpleging wat daar was, het vir maande sporadies aangegaan? -- Ek sê ek het nie daardie kennis nie. Dit kan wees dat dit so is en dit kan wees dat dit nie so is nie. Al wat ek weet is wat van gelees het wat in die jaar 1976 plaasgevind het. Dat daar demonstrasies was en dat daar baie mense is wat beseer was na hierdie demonstrasies.

Maar al wat u gelees het, is die moeilikheid het begin(10) na die polisie geskiet het, maar u het nooit gelees in die koerante daagliks dat die onluste aangegaan het nie? -- Of die oproer aangegaan het vir 'n tyd of nie, is ek nie in staat om dit te kan sê nie. Ek het nie daardie kennis nie, maar wat ek wel kan sê is, as gevolg van wat ek gelees het, dat die kinders gedemonstreer het en dat die polisie toe op die kinders geskiet het.

En u weet ook nie wat die rede is hoekom die polisie geskiet het nie? -- Dit lees ek as 'n berig in die koerante. Elke keer as daar verwys word na hierdie voorval sê die (20) skrywer 'n vreedsame optog was eintlik deur die polisie versleg.

Maar u weet nie wat die rede daarvoor was nie? -- Ek het nie 'n persoonlike kennis van die rede nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U het seker nie die Cilliers Kommissie verslag gelees nie, nê? -- Op hierdie huidige oomblik wat ek hier staan het ek al vergeet wat dit bevat het, wat die bevindings was. Destyds het ek geweet wat die bevindings was as gevolg van berigte wat ek in die koerante gelees het wat dié kommissie bevind het. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Maar daar is geen polisie in 1976 aangekla as gevolg van hierdie voorvalle nie. Stem u daarmee saam? -- Ek weet nie.

MR BIZOS : Perhaps the witness does not know, but My Learned Friend ought to know that there was a retrospective indemnity passed to absolve the police from any culpability about which there was much public debate.

MNR. FICK : Ek wil dan met u gaan na die volgende bladsy toe van dieselfde bewysstuk, B2, bladsy 16, die laaste paragraaf, dit is nog die toespraak van Satch Cooper. n Bietjie(10) meer as die helfte af van die laaste paragraaf "We must prepare for a long difficult struggle for freedom in our beloved country and realise that our liberation can only come through our own hands. Nothing can stop us achieving it." Het u dit gelees? -- Ja, ek het.

Ek stel dit aan u hier word gesuggereer dat niks, absoluut niks kan AZAPO stop in hulle vryheidstryd nie? -- Ja, dit is so.

En verder stel ek dit aan u dat hier gesê word die massas sal hulle deur absoluut niks laat stop ook nie, om(20) hulle vryheid te bereik?

HOF : Staan dit hier die massas? "We", en ek neem aan as die spreker praat praat hy van AZAPO, dit kan ook wees dat hy praat van al die Swartmense, ek weet nie waarvan hy praat nie, maar op watter grond maak u die afleiding?

MNR. FICK : Ek sal volledigheidshalwe meer verwys na die middelste kolom. In die middel net voor die laaste lang paragraaf "We are the mass movement of the oppressed Black marching to a socialist Azania free of any form of racism or exploitation of any sort." Nou wil ek dit aan u stel (30)

as/...

as hierdie toespraak in sy geheel gelees word, word hier beweer dat AZAPO as die organisasie van die massas hom deur niks sal laat stop om die vryheid te bewerkstellig in hierdie vryheidstryd nie. -- Hy sê so omdat hy daaraan glo dat hy reg is want hy glo self dat hulle dit sal bereik omdat hulle op die regte ding is.

Miskien is u woordgebruik van "hulle" ongelukkig. Bedoel hy nie "ons" nie? U ook. U is lid van AZAPO? -- O, as u wil hê dat ek myself ook moet insluit daarby, sal ek myself insluit. Ek glo ook daaraan. (10)

U glo dan ook aan die vestiging van 'n sosialistiese Azanië as einddoel? -- Ja, net soos ek dit gister verduidelik het.

Ek stel dit aan u met hierdie laaste sin "Nothing can stop us achieving it" word gesuggereer dat AZAPO tot geweld sal oorgaan om sy vryheid te bereik. Niks sal hom stop nie? -- Nee, dit is nie wat AZAPO sê nie.

Is dit nie 'n moontlikheid wat 'n leser wat hierdie stuk lees 'n afleiding wat hy kan maak uit hierdie stuk nie? -- Nee, dit is nie. (20)

HOF : Wat sal u sê as daar aan die einde van die saak geargumenteer word dat as 'n mens emosiebelaaide woorde soos "onderdrukker", "destroy" en "rewolusie" gebruik, dat 'n mens dit dan aan jou toehoorders behoort te kwalifiseer en sê "Maar onthou, ek gebruik dit in 'n nie-gewelddadige sin" want anders kan jou toehoorders heeltemal 'n verkeerde begrip kry? -- Dit is bekend tussen die Swartmense dat enige organisasie wat geweld gebruik sal die bestaan daarvan onwettig verklaar word in die sin dat dit verban gaan word.

MNR. FICK : Wil u daarmee vir die Hof sê as ek u reg (30)
verstaan/...

verstaan dat AZAPO nie verban is nie, beteken dat die gewone man kan nou dink hy is nie gewelddadig in sy doelstellings nie en daarom - is dit die afleiding wat h man moet maak omdat hy nie verban is nie, is AZAPO nie gewelddadig nie? -- Ja, hy sal dit so verstaan.

Die teensy, is dit dan ook waar dat AZAPO kan enigiets kry solank hy wil, direkte geweld, want hy weet solank hy nie verban is nie, sal die publiek dink hy is nie h gewelddadige organisasie nie? -- Indien daar gesê kan word dat AZAPO geweld moet gebruik, ons, die lede van AZAPO en die (10) ondersteuners daarvan, wat teen die geweld is en wat daarvan bewus is dat sodra AZAPO geweld gaan gebruik, sal AZAPO verban word, sal ons daarteen h beswaar maak omdat ons nie wil hê dat AZAPO, h organisasie wat ons van hou, verban moet word nie.

HOF : Daar was gister h taamlike lang debat tussen uself en die aanklaer oor die vraag van samewerking met bestaande strukture. Ek vind op hierdie bladsy, bladsy 16 h paragraaf wat miskien daarmee in verband staan. Ek wil dit vir u lees en dan vir u vra of dit u standpunt weergee. Dit is die (20) tweede paragraaf links, in die linker kolom bo. "The history of struggle in Azania has firmly entrenched non-collaboration as a principle of struggle from the time of tribal resistance to the era of political organisation. Collaboration with the enemy has consistently been interpreted by the oppressed as selling-out or deceit." Gee dit u standpunt weer? -- Ek stem saam met die "non-collaboration" in die sin dat as ek die geskiedenis van ons lees, dit is die Swartmense se geskiedenis, was "non-collaboration" nie aangemoedig gewees nie.

(30)

Nee/...

Nee, kyk, u het nou met my dieselfde probleem as met die aanklaer. As u 'n antwoord gegee het, weet 'n mens nooit heeltemal presies of jy saamgaan met die vraag, of jy halfpad saamgaan met die vraag en of jy dit probeer weerspreek nie. Ek wil dus die vraag nou weer stel op 'n ander manier. Het u 'n probleem ondervind met die paragraaf wat ek aan u gelees het of is dit u standpunt? -- Ek vind dit 'n bietjie moeilik om daarop te antwoord, want die persoon, die spreker hierso gebruik moeilike woorde in die sin. Die woorde wat hy daar gebruik dra meer gewig as wat ek gedink het. Dit is hoekom(10) ek myself dan lievers wil beperk tot dit wat ek verstaan en wat ek sou gebruik het.

Wil u nog iets sê? -- Ek sê die gedagte wat ek kry van die paragraaf is dat van lank af was dit maar so gewees dat dit aangemoedig was aan die Swartmense om nie te "collaborate" nie. Dit is die gedagte wat ek mee saamgaan. Sodra 'n mens nou as 'n verdagte gesien word, dat hy deelneem aan die ander kant, was die persoon nie so goed aanvaar deur die gemeenskap nie. Dit is my kennis van lankal af dat dit so gebeur het tussen die Swartgemeenskap. (20)

MNR. FICK : Kan ek net vir u oor dieselfde paragraaf vra. Hier word gesê "non-collaboration as the principle of struggle". Aanvaar u dat nie-deelname 'n beginsel van die stryd is? --

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Nie-deelname of nie-samewerking?

MNR. FICK : Nie-samewerking? -- Nee, hier sal ek verduidelik. Dit wil vir my voorkom as ons praat van die stryd dat ons nie van dieselfde ding praat nie. Dit wil sê ek en u praat nie van dieselfde ding nie. Ek sal dit so aan u verduidelik. As ek praat van die stryd, wil dit sê ek praat van om vry te word van iets wat my pla en as 'n persoon nou praat van(30)

"non/...

"non-collaboration", praat dit van 'n persoon wat my probleem wat ek van wil loskom, help, in die sin dat daardie probleem vir my die hele tyd moet bestaan. Dit is hoe ek die hele ding verstaan.

HOF : Weet u wat is kollaborasie, "collaboration"? -- Ek verstaan dit om die volgende te beteken dat 'n persoon iets help in die bestaan daarvan.

Samewerking? -- Ja.

MNR. FICK : Maar die stryd wat hier van gepraat word, stel ek dit aan u, deur mnr. Cooper is die vryheidstryd. (10)

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 13 TO BE EXCUSED.

GETUIE : Ja, dit is so. Die vryheid wat hier na verwys word wat my betref is die vryheid dat 'n persoon moet vry wees van al hierdie dinge wat in 'n persoon se pad staan, dat die persoon nie vry moet wees in dit wat hy is as 'n persoon nie.

MNR. FICK : Wag nou. Kyk, laat ek vir u lees net op bladsy 13 van dieselfde man se toespraak. In die eerste kolom die tweede paragraaf "But the BCM has reached maturity and under the direction of AZAPO has become the vanguard of the people struggle in the country. AZAPO has no pier in the (20) struggle to regain our land from foreign settler hands and restore power to the people." Nou vra ek u, waar hy hier in dieselfde stuk op bladsy 16 sê dat "non-collaboration" is 'n "principle of struggle", sien of aanvaar u dit ook dat 'n vryheidstryd om die land te herstel, terug te laat gaan na die Swartes toe, stem u saam dat 'n beginsel van daardie stryd is nie-samewerking nie? -- Ek is bevrees ek is nie nou saam met u nie.

Laat ek net so vra. Stem u saam met die beginsel of stem u saam met die stelling dat nie-samewerking is 'n (30)

beginsel/...

beginsel in die vryheidstryd van AZAPO?

HOF : Maar maak dit nou saak? U het gister 'n lang storie gehad oor hierdie hele ding. Ons het seker omtrent 'n halfuur daaraan bestee of langer. U is nou weer op dieselfde tema. Al wat ek van die getuie wou geweet het was of die paragraaf daardie antwoord van hom weergee. Ek het 'n antwoord daarop gehad. Waarom gaan u nou terug op wat u gister op gekruisvra het?

MNR. FICK : Soos dit u behaag. Ek wil dan gaan na BEWYS-STUK B26 volume 2. Ek sal die dokument aan u identifiseer. (10) Die opskrif is "New Year message from the people's movement 1984.AZAPO on the March" staan onder aan. Stem u saam hierdie dokument is in u besit gekry? -- Ja.

Waar het u hierdie dokument gekry? -- Ek het dit in Johannesburg gekry waar dit versprei was in die stad.

Dit is vir die algemene publiek versprei? -- Ja, dit is so.

U het seker darem hierdie dokument gelees ook? -- Ja, ek het dit gelees.

En vereenselwig u u met wat daar staan? -- Ek vind (20) dit baie moeilik om sommer direk 'n antwoord daarop te gee, want ek het lanklaas die inhoud van hierdie dokument gelees. Dus is ek nie in staat om presies te kan sê wat dit bevat nie, tensy 'n vraag vir my gevra word na iets gelees is.

HOF : Wanneer het u dit gekry? Aan die begin van 1984? -- Dit is hoe ek onthou.

MNR. FICK : Toe u dit gelees het, was daar enigiets op daardie stadium wat u afgesit het? Kan u dit onthou? -- Ek onthou nie dat daar so iets was nie.

Nou wil ek aan u bladsy 1 lees onder die opskrif (30)

"Land/...

"Land repossession". Die eerste paragraaf "We want the world to know that there will be no grievances redressed until such time that our land has been regained." Het u dit gelees? -- Ja, ek het.

Stem u daarmee saam? -- Ek dink ek het gister hier verduidelik dat ons hoof probleem hier is dit van die grond wat ons nie het nie.

Antwoord net die vraag. Stem u daarmee saam of nie? -- Ja, ek stem saam.

Dan op dieselfde bladsy die laaste sin wil ek vir u (10) lees in dieselfde paragraaf "We will stop at nothing in our fight for the repossession of our land and the transference of power to the rightful owners, Black people." Stem u daarmee saam? -- Ja. Wat ek wel sal sê is, ek sou nie daardie woorde gebruik het op dié manier wat die woorde daar gebruik is nie as ek die persoon was wat dit moes oorgedra het.

Stem u saam dat die persoon wat hierdie dokument in die straat kry waar dit versprei is deur AZAPO sal die afleiding maak uit hierdie sin "we will stop at nothing in our fight for repossession", dat AZAPO hier sê geweld is ook ingesluit?(20) -- Nee.

Ek sal terugkom na hierdie antwoord van u toe. Ek wil net gaan na die laaste bladsy toe van dieselfde dokument onder die opskrif "Will to fight. In spite of all repressions and oppressions Black people are more determined than ever to deliver the fatal blow to this racist and fascist regime. AZAPO the only overt national political organisation will spare no effort at mobilising and consolidating the liberatory efforts of the Black masses. We believe all genuine attempts by the oppressed to rid themselves of the yoke of oppression(30) are/...

are worthwhile efforts which should be commended. For us to assure our own victory, we should be willing to fight the enemy at all fronts wherever it is. Our destiny is in our hands. We are our own liberators and we dare not shone our responsibilities in the process of ushering in an anti-racist socialist Republic of Azania." Stem u hiermee saam? -- Ja, ek stem saam.

Ek stel aan u uit dit wat ek nou aan u gelees het, die eerste bladsy en hierdie op die laaste bladsy onder "land repossession and will to fight" is daar net een (10) afleiding wat die man in die straat kan maak en dit is dat geweld een van die metodes is wat AZAPO goedkeur om 'n sosialistiese werkersrepubliek uiteindelik in hierdie land tot stand te bring? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

Is daar enigiets in hierdie dokument waar AZAPO sê "ons aanvaar nie geweld nie" as 'n metode om hierdie sosialistiese Republiek tot stand te bring? -- Verwys u na hierdie spesifieke dokument?

Net so. -- Nee, daar is nie so iets bevat hier nie en dit was ook nie nodig gewees vir die spreker om daardie (20) woorde te gebruik het nie, dat dit nie nodig was vir die gebruik van geweld nie.

U Edele, beskuldigde nr. 13 is terug. Hoekom sê u so? -- Ek sê so omdat ek sien u vertolking van die woord wat gebruik is hierso as "fight" is die geweld, terwyl die woord "fight" in die daaglikse gebruik van die woord gebruik word en daar is nie 'n persoon wat nie daarvan weet dat "fight" nie altyd geweld beteken nie.

Maar nou, stem u saam, as AZAPO die woord "fight" wel gebruik saam met die woorde in dieselfde dokument dat (30)

hulle/...

hulle is van plan "to deliver a fatal blow to the government" en "we will stop at nothing in our fight", dat die publiek maar geweld is hierby ingesluit? -- Ek stem nie saam nie. Die spreker hierso praat van 'n "fatal blow as a solid block, meaning they will be solid in delivering the fatal blow. The blow I am talking about is the blow" waar ek na verwys het, die manier van sekere dinge bekend te maak. Die "blow" word soos volg gebruik. Dat dit aan die regering sal duidelik wees dat so 'n klomp mense het hierdie "blow" gelewer vir die regering om te besef hoeveel mense daar is wat nie aanvaar(10) wat gedoen word nie.

HOF : En sal dit "fatal" wees? -- Nee, ek weet nie wat beteken "fatal" nie. Dit is hoekom ek vroeër gesê het die woorde hier deur hulle gebruik is moeilik op so 'n manier dat ek eintlik nie self verstaan nie.

"Fatal" beteken finaal of dodelik? -- Ja, as dit die korrekte vertaling is van die woord "fatal" dat dit dodelik is, beteken dit dat apartheid gedood sal word. Dit sal nodig wees vir samesprekings.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Samesprekings met wie? -- Met die(20) regering.

Is dit nou by die nasionale konvensie? -- Ek glo daaraan dat by enige verandering wat aangebring word, behoort daar samesprekings te wees, hetsy met die nasionale konvensie of nie, maar daar sal samesprekings moet wees vir 'n verandering om tot stand gebring te word.

Ek het probleme met die dokumentasie om dit te verstaan, om te verstaan wat bedoel word. U moet my korrigeer as ek verkeerd is, maar die gedagte wat ek gekry het van die kruis-ondervraging gister en die verduidelikings wat u gegee het(30)

van/...

van die dokumentasie is dat AZAPO nie samesprekings met die regering wil hê nie. Dat daar eers 'n nasionale konvensie moet kom en dat daardie konvensie, soos wat ek lees, ook nie deur die regering saamgeroep sal word nie. Nou vind ek dit moeilik om te verstaan wat u bedoel met samesprekings met die regering. -- Ons het gister na 'n dokument verwys waarin daar melding gemaak word van "fly without perching". Die spreker daar praat van "collective bargaining" en die beginsel daarvan wat hy neerlê. Ek neem aan, my vertolking is dat as hy daarvan praat, praat hy van "negotiations". (10) Ek glo daaraan dat alles wat gedoen word soos dit gedoen word, word onder die aandag van die regering gebring. Wat die nasionale konvensie betref, is daar voorwaardes daar gestel dat die mense sê die samesprekings sal gevoer word deur mense wat gelyk is. Dit beteken dat daar nie apartheid moet wees nie, die mense moet dieselfde mag hê. As die apartheid nie daar is nie, beteken dit dat die persone wat deelneem aan die samesprekings sal praat op dieselfde vlak.

Moet daar dus in daardie stadium wanneer die same- (20) spreking plaasvind nie meer 'n regering wees nie, sodat die regering nie meer mag het as mense of laat ek dit so stel dat die regeringsmense nie meer mag het nie omdat hulle nie meer 'n regering is nie en dat al die mense dan gelyk is wanneer hulle praat? -- Nee, die regering sal nog bestaan. Al wat ek sê is, mense wat sal praat op gelyke vlak is die partye wat betrokke gaan wees by die samespreking. Dit wil sê die apartheid moet nie meer bestaan tussen hulle nie, dit moet mense wees wat net deelneem aan die samespreking. Soos dit daar genoem word in daardie dokument verstaan ek (30)

dit/...

dit soos volg dat die konvensie sal gehou word as 'n manier van die beëindiging van apartheid.

Ek moet u miskien net verwys na die besondere stuk wat ek die inligting uit haal dat die konvensie nie deur die regering saamgeroep moet word nie. Ek verwys na 'n toespraak uit B2 volume 1. Dit begin op bladsy 25 onder die kop "The national situation by Neville Alexander." Weet u wie Neville Alexander is? -- Ek sien baie papiere wat deur hierdie persoon geskryf is.

AZAPO stukke? -- Ja, waar hy 'n toespraak lewer by die (10) kongres van AZAPO.

Op bladsy 34 praat hy van dinge wat onmiddellik gedoen moet word. Hy praat in die middelste kolom so 'n bietjie meer as die helfte af "To conclude these are some of the steps which we have to take immediately. The Koornhof president's council new dispensation must be made to fail" en dan sê hy "As against their new dispensation we have to insist on our primary demand for the convention of a constituent assembly elected on the basis of one person one vote, at which democratically elected representatives of the nation will (20) decide on the new constitution for Azania." Dan so 'n bietjie verder aan "It is also not going to be convened by the present government." So, dit lyk asof die gedagterigting hier is dat die huidige regering nie die "constituend assembly" of die konvensie sal saamroep nie. -- Wat is u vraag nou daaromtrent?

Nee, ek het nog steeds probleme met die samesprekings met die regering. Dit blyk asof die aksie van AZAPO se kant net demonstrasie is of ander soorte aksie as samesprekings met die regering self. -- Nee, ek stem nie saam nie.

U sê dat die samesprekings moet plaasvind wanneer die (30)

mense/...

mense almal op gelyke vlak staan? -- Ja, vir dit ook om plaas te vind, moet daar ook gesprekke uitgevoer word.

Presies, want as h mens nie praat oor hoe om die mense op gelyke vlak te kry nie, watter ander manier van aksie het u? -- Toe ek gepraat het van die manier van veranderings aan te bring, het ek gepraat van h ander stadium. Dit wil sê dit is na daar besprekings uitgevoer was, byvoorbeeld as ek nou praat van die beleid van die nuwe regering, praat ek van h ander stadium. Dit wil sê die beleid is geneem omdat daar besprekings uitgevoer was vroeër. Dit is h (10) latere stadium na die besprekings uitgevoer was.

Ek is bevrees ek begryp u nog nie mooi nie. Gesprekvoering met die regering, ek praat van die huidige regering is dit h oogmerk van AZAPO? -- Ja, dit is h oogmerk van AZAPO in die sin dat daar h gesprek uitgevoer sal word met die regering omtrent die beëindiging, dit wil sê aangaande dié wat die beëindiging van die apartheid sal aanbring as die geleentheid bestaan. Dit is wat ek aan glo sal gebeur wat AZAPO sal doen.

Wat is die voorvereistes van AZAPO vir so h samespreking?(20) Bestaan dit in sy dokumentasie? -- Nee, soos ek dit verstaan sal dit met die besprekings wees wat uitgevoer word met die regering waar hierdie voorvereistes neergelê gaan word.

HOF : Is daar êrens in die dokumentasie waar u ons kan wys dat dit AZAPO beleid is om met die regering te praat? -- Die dokument wat ek na verwys het wat gister hier gebruik was wat ek na verwys het as h dokument wat van "collected bargaining praat" .

K708

Is dit die enigste dokument wat u na kan verwys? -- Ek sal nog aan ander dink, maar op die huidige oomblik is (30)

dit/...

dit die enigste gedeelte wat ek onthou.

Ons het gister behandel B2 en ons het B1 behandel.

Kyk eers by B2 en dan B1.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U kan miskien kyk op bladsy 7 van B1. Ek dink dit is die "fly without perching".

MNR. FICK : Dit is B2.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Bladsy 7 van B2. Miskien moet u begin lees onder aan bladsy 6, die laaste paragraaf. Ek dink dit is miskien wat u na verwys. -- Ja, dit is die gedeelte wat ek na verwys. (10)

HOF : Lees dit in die rekord in. -- "The aspect which is important in the methods we embrace towards attainment of our goals is the process of bargaining."

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Miskien moet u verder lees. Ek dink die res van die paragraaf. -- "The most important principle to observe in the bargaining process is strength, to bargain from a position of strength. It is an exercise in futility to bargain from any position but that of strength. Ours is a strong and vicious enemy and any source to be contrary are a mere dilusion." (20)

MR BIZOS : We would submit that the last paragraph of that page 7 and the first line on page 8 may also allude to that the selective ...(sentence is not completed)

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Do you want the witness to read this in?

MR BIZOS : I do not really mind.

MNR. FICK : Ek wil u verwys na BEWYSSTUK B26 waarmee ons nog besig was die tweede laaste bladsy wat oor hierdie aspek handel. In die middel ongeveer bo die prentjie op die bladsy. (30)

HOF/...

HOF : Kom ons gee die bladsye nommers. Nou sukkel ons net.

MNR. FICK : Bladsy 3. Ongeveer in die middel voor die foto begin 'n sin "Capitalist systems the world over are of their nature repressive and have not yet developed mechanisms where they can abdicate positions of power through petitions, deputations and even negotiations." Stem u daarmee saam? -- Ek weet nie watter situasie hierdie spreker nou hierso beskryf nie, of praat die persoon nou van 'n persoon wat by die huis sit en net sommer petisies skryf en deurstuur of wat hy probeer oordra as 'n boodskap in daardie paragraaf(10) nie, is ek nie van bewus nie.

Is dit nie duidelik uit hierdie hele bladsy dat dit hier gaan oor petisies aan die regering en onderhandelings nie? -- Ek sê self presies so. Ek sê ek is nie duidelik - ek verstaan nie so duidelik wat die persoon hier probeer oordra nie, maar as dit die geval is dat dit so vertolk word soos deur die aanklaer aan my gestel word, dan stem ek nie saam met die skrywer hiervan nie.

Net bo die paragraaf wat ek aan u gelees het moet ons miskien die ding in konteks lees. Daar staan "We again (20) find ourselves going back to the era of petitions and deputations from organisations which are supposed to be progressive. That can be described as nothing else but political nostalgia. There is no need to negate all lessons we have learnt in the past." Volhard u daarby dat u sê u het nie geweet dit is wat hier staan naamlik dat hier word gesê dat onderhandelinge, petisies, afvaardigings deur organisasies het geen sin nie, dit is deel van die politieke verlede? -- Ek sal dit vergelyk met die vorige dokument wat ek nou net bespreek het by BEWYSSTUK B1 en 2. Wat ek hier verstaan(30)

is/...

is dat hierdie persoon sê n persoon sal alleenlik in staat wees om "negotiations" te neem na hy sterk genoeg is, dit wil sê die "strang" gekry het. Sonder dit sal hy nie in staat wees om enig "negotiation" aan te gaan nie. Hier sê die spreker as jy nou aangaan met petisies terwyl jy nie sterk is nie, beteken dit dit is om agteruit te werk. Dit is hoe ek dit verstaan natuurlik.

Eerstens, hierdie persoon is AZAPO wat dit sê? Is dit reg? -- Ja.

En tweedens die publiek wat hierdie ding in die straat(10) gekry het, aan wie hy uitgedeel is, uit hierdie bladsy of wat hier staan in hierdie dokument is daar net een afleiding wat hulle kan maak en dit is AZAPO sê die kapitaliste waar- onder die regering, kan nie oorreed word deur petisies, afvaardigings en onderhandelinge nie, deur progressiewe organisasies nie. Stem u daarmee saam? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Die verduideliking wat u gee met verwysing na BEWYSSTUK B2 oor wat hier bedoel word, stem u saam dit is nie aan die publiek gegee in BEWYSSTUK 26 nie? Hulle weet dit nie? -- (20) Ek is daarvan bewus dat ek nie die reg het om namens die gemeenskap iets te sê nie, maar in antwoord op die vraag sal ek sê die gemeenskap het niks gedoen na aanleiding van die inhoud van hierdie dokument nie en sedert die tyd dat dit versprei is, dit is die dokument, was die skrywer hiervan nie gearresteer gewees nie. Tot op datum is die skrywer nog nie gearresteer nie, vir wat bevat word in hierdie dokument.
HOF : Wie is die skrywer? -- Dit is die president van AZAPO, Libon Mabaso.

MNR. FICK : Is dit persoonlike kennis wat u het? -- Van?(30)

Van/...

Van die skrywer? -- Nee, New Year's message word bekend gemaak deur die president.

Ek verstaan nou nie mooi wat u antwoord beteken nie. Wat het h arrestasie of nie-arrestasie te doen met h boodskap wat by die publiek uitkom? -- Wat ek sê is, indien hy die gemeenskap aangemoedig het op iets anders omdat hy sê die "negotiations" nie h uitwerking het nie, sou dit dan veroorsaak het dat hy gearresteer word. Dit is wat ek sê.

Ek wil met u gaan na bladsy 2 van dieselfde dokument. U sal sien onder die tekenprent word daar beskryf "The (10) Curries, Hendriks's and Rajbansi's are collaborators, stooges and traitors." Stem u daarmee saam? -- Dit is maar iets normaal wat gesê word.

HOF : Die vraag is of u daarmee saamstem? -- Ja, ek stem saam daarmee.

MNR. FICK : Stem u ook saam met wat net daar bo staan dat hulle is "political scoundrels"?

MR BIZOS : Is the reference to the persons or to the three chambers?

COURT : Platforms. Chambers or platforms for political (20) scoundrels so that people who are in the chamber are political scoundrels. -- Dit is hoe die gemeenskap hulle beskou. Dus stem ek saam, maar ekself, indien ek hierdie boodskap moes oorgedra het, sou ek nie hierdie tipe woorde gebruik het nie.

Waarom nie? -- Nee, ek is nie gewoond aan hierdie tipe woorde nie. Eintlik is ek nie gewoond daaraan om hierdie tipe woorde te gebruik nie.

Omdat u nie Engels praat as u toesprake hou nie? -- Ja, dit is so, maar wat ek probeer oordra is dat selfs die beskrywing van die persone sou ek nie so hoog gestel het (30)

nie/...

nie.

Sou u hulle "sell-outs" genoem het? -- Ja.

En "collaborators"? -- Ja.

MNR. FICK : U sou hulle nie hierdie "scoundrels" en "stooges" genoem het nie? -- Ek sou hulle "stooges" genoem het.

So, u het dit teen die woord "scoundrel"? -- Nee, ek is nie gewoond om daardie soort woord te gebruik nie.

En "traitors"? -- Ja, ek neem "traitors" as "sell-outs".

Afgesien van wat die publiek, dink, soos u sê, stem u saam dat AZAPO het hier oorgedra aan die publiek wat (10) AZAPO se siening is. Hierdie mense is "traitors, stooges, scoundrels and collaborators"?

HOF : Hoekom moet hy daarmee saamstem? Dit is mos duidelik van die dokument. Dit is die Nuwejaarsboodskap van die president. Dit is AZAPO se standpunt. Ons hoef mos nou nie dinge te herhaal wat klinkklaar duidelik is nie. Die vraag is of hy daarmee saamgaan of nie.

MNR. FICK : Op dieselfde bladsy word onder die opskrif "Reforms" beweer dat "The time of history can no longer be turned back by efforts of capitalist reform and containment." (20) Stem u daarmee saam? -- Wat is dit wat u wil weet of ek daarmee saamstem?

Die sinsnede "The time of history can no longer be turned back by efforts of capitalist reform and containment." -- Kyk, ek dink dit sal nodig wees om vir my 'n verdere ding te lees om te kan verstaan presies waarvan die persoon praat want die gedeelte wat u gelees het is net 'n beskrywing wat hierdie persoon maak. So, ek kan nie sê of ek met die beskrywing saamstem sonder dat ek weet presies wat dit is wat beskrywe word nie. (30)

HOF/...

HOF : Kan ek dit aan u so stel. Die destydse pogings van die regering tot "hervorming" soos u dit gesien het, was dit u standpunt dat dit iets is om die onvermydelike gety van die geskiedenis te stuit, maar dat dit nie 'n poging is om die onvermydelike gety van die geskiedenis te stuit nie, maar dat dit nie daarin sal slaag nie? -- Ek kan sê ja, as dit eintlik gesê word met die bedoeling dat dit nou gemik is op die gebruik van die apartheidsbeleid. Ek stem saam met u dat ons wel so gesê het as dit nou gesien word met die oog daarop dat dit nou besig was met die bevordering(10) van die apartheid. Dan stem ek saam.

Kan ek dit baie eenvoudig stel. Was u standpunt kyk, hierdie hervorming wat die regering mee besig is, is maar net nog 'n bevestiging van apartheid, maar in elk geval dit gaan misluk want apartheid gaan verdwyn? -- Nee, wat ek sê is, die hervorming was eintlik 'n versterking van die apartheid.

MNR. FICK : Ek wil dit dan net finaal aan u stel, hierdie dokument, AZAPO het dit aan die publiek oorgedra en die publiek het die volgende verstaan van AZAPO se beleid? -- Dat ook geweld geregverdig is om die land terug te kry vir(20) die Swartman? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Dat enige onderhandelings, afvaardigings, of petisies aan die regering geen doel dien nie en deel van die geskiedenis is? -- Ek stem nie saam met u nie.

Dat die hervormings wat die regering probeer doen het of beoog, tot mislukking gedoem is en dat die persone wat daarmee saam werk verraai is en samewerkers van die regering is? -- Ek stem nie saam met u nie.

HOF : Net voordat ons klaar is met die dokument. Op die laaste bladsy, bladsy 4 sien u in die derde reël die (30)

volgende/...

volgende: "AZAPO the only overt national political organisation ...". Is daar dan ander organisasies ander "national political organisations" of n ander "national political organisation" wat "covert" is? -- Is ek reg as ek sê "overt" beteken wat oop is?

Ja. -- Ek weet nie van een nie, behalwe dit wat verban is.

Watter is dit? -- ANC en PAC.

MNR. FICK : Ek wil met u gaan na n volgende dokument toe. Dit is in die AP reeks boek 1, AP6. Is dit eerstens reg dat(10) hierdie dokument by u gevind is? -- Ja, dit is so.

Waar het u hierdie dokument gekry? -- Van Modise Lehoko het ek dit gekry.

Dit is een van die bestuurslede van die Vaal, volgens u getuienis? -- Dit is so. Hy is n persoon wat te doene gehad het met die "journalism". Dus het hy baie dokumente die meeste van die tyd gehad.

HOF : Is hy n joernalis? -- Hy was besig met sy studies te Rhodes. Ek weet nie wat hy is op die oomblik nie.

MNR. FICK : Die Social Review, weet u wie gee hierdie boek(20) uit, AP6? Miskien moet ek vir u so vra. Weet u wie is die "social research agency"? -- Nee, ek sien dit is net hier geskryf.

Het u hierdie dokument gelees? -- Ek vermoed so dat ek dit gelees het, ja, al kan ek nie meer presies onthou watter gedeeltes ek gelees het en watter nie.

Wil u na bladsy 11 blaai. Dit is onder n hoofstuk wat op bladsy 10 begin "The PC and the Koornhof bills." Op bladsy 11 onder n hofie "Struggle of opposites. The system versus liberation." Ek sal daar van die tweede sin(30)

af/...

af lees. "But unquestionably the elements representing the unification and liberation of the oppressed and in particular those representing working class, unity and leadership, have received such an impetus from internal and external events that the liberation movement has won and is continuing to win significant victories of the ideological, political and psychological plains. In fact on all plains, save that of the police and the military. What has happened is that the so-called ordinary people, the workers, the poor both in town and in country areas are beginning to take their (10) destiny into their own hands. For the liberation movement this represents a change in quality in the ranks of the oppressed, in particular the working class. This increase in the level of mass participation and of conflict poses new questions for and challenges the liberatory forces. It raises questions about the exercise of power and political institutions and economic undertakings and on any other levels. (By liberation movement is meant all those people and organisations struggling to achieve a democratic non-racial South Africa.)" Stem u saam met wat hier staan? -- Nee. Ek sien (20) dit as 'n moeilike ding wat ek nie verstaan nie.

Het u dit nooit verstaan nie? -- In die eerste plek as ek dan praat van die "liberation movement" dan praat ek van AZAPO van wie ek lid is.

Is dit nie ook AZAPO se beleid dat dit deel uitmaak van een groot "liberation movement" nie? -- Nee, hy is nie 'n deel daarvan nie. AZAPO is 'n "liberation movement".

Beskou AZAPO die UDF ook as 'n "liberation movement"? -- Volgens AZAPO het UDF sekere dinge of beleide wat UDF volg wat AZAPO nie mee saamstem nie en as gevolg daarvan dat (30)

hulle/...

hulle nie saamstem op sekere vlakke nie, dan sien AZAPO die UDF nie as 'n organisasie wat saamstem met die "liberation" nie.

HOF : Nee, maar dit is nou nie heeltemal 'n antwoord nie.

Beskou AZAPO UDF as 'n "liberation movement" of nie? U hoef nie redes te gee hoekom nie. Is dit so of is dit nie so nie? -- Ek sal so iets sê, ja, maar "subject to" wat ek gesê het.

So, dit is nie so 'n suiwer "liberation movement" soos julle nie? -- Ja, dit is hoe ons dit beskou.

MNR. FICK : En beskou AZAPO die ANC as 'n "liberation move-(10) ment"? -- "Historical, political, liberation movement".

Dit is hoe AZAPO die ANC beskou.

En die PAC? -- Dieselfde geld hiervoor.

HOF : Maar waarom word dit "historical" genoem? -- Dit is omdat dit bestaan het, maar dit bestaan nie meer nie. Dit wil sê in die land.

MNR. FICK : U weet tog seker dat die ANC en die PAC wel bestaan en in die land opereer? -- Ek erken die twee bestaan nog, maar nie in die land nie. So, as daar nou moet gewag word dat daar geen organisasies moet wees in die land nie, omdat(20) daar nou gewag word vir die organisasies, sal dit nie uitwerk nie.

Is dit die rede waarom AZAPO bestaan omdat hy nie kan wag tot die PAC eendag die land binnekom nie? -- Dit verbaas my as u nou van die PAC praat, want AZAPO was geformuleer gewees omdat dit nodig was vir die bestaan van hierdie soort van 'n organisasie. Dit was nie omdat die PAC nie bestaan hier nie. Die PAC is lankal verban en AZAPO is in 1978 gestig.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

(30)

OUPA/...

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

MNR. FICK : U Edele, beskuldigde nr. 10 is terug.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U het vir die Hof gesê u beskou die UDF nie as so 'n suiwer "liberation movement" nie. Wat is die rede? -- As ek van suiwer praat, praat ek van die manier waarop ons dink ons vryheidstelling sal kom. Die rede daarvoor is dat ek sien in UDF dat die UDF se lidmaatskap nie beperk is nie. Daar is sekere mense wat toegelaat word as lede van UDF van 'n sekere etniese groep.

Om dit reguit te stel, Blankes? -- Ja, die Blankes (10) is ook ingesluit, maar as ek so sê praat ek van 'n organisasie wat geaffilieer is aan UDF en die lidmaatskap van daardie organisasie bestaan uit sekere tipe persone. Naamlik Transvaal Indian Congress en Natal Indian Congress praat ek van.

U moet nou my onkunde verskoon. Ek het dit laas gehad dat AZAPO beskou onder andere Indiërs ook as Swartmense volgens hulle konstitusie. -- Ja, dit is heeltemal reg, maar u moet my so verstaan, daarby bedoel ek ons aanvaar hulle as Swartmense, maar ons sê nie hulle moet eie organisasies (20) gaan stig nie, waarvan net hulle lede is nie. Volgens ons sien ons 'n gevaar daar as dit so gedoen moet word.

Verstaan ek u reg, u het dit teen TIC en NIC, dit is nou Transvaal en Natal Indian Congresses omdat hulle net - hulle lidmaatskap net tot Indiërs beperk is? -- Dit is so, ja.

U Edele, ek gaan oor na 'n ander dokument toe.

HOF : U laat my totaal in die lug wat hierdie dik dokument betref. Gaan u nie aan die getuie stel wie, waar en wat die oorsprong van hierdie dokument is nie? Ek weet dit is by hom gevind, maar wie gee die ding uit en wie is hulle. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Op die oomblik weet ek ook nie waar hy vandaan kom nie.

HOF : Dan gaan ek die dokument definitief nie lees nie.

MNR. FICK : Kan ons dan na BEWYSSTUK AP5 toe gaan. Dit is boek 1 in die AP reeks. Ek wil net die dokumente identifiseer. Dit is 'n program van 'n begrafnis van ene Jabo Samson Shabalala. -- Ja, dit is so.

Eerstens, hierdie Jabo Samson Shabalala, is dit die Jabo Shabalala wat u van getuig het wat lid was van die bestuur van AZAPO Vaal op 'n stadium? -- Dit is so. (10)

Hierdie begrafnisbrief is uitgegee deur AZAPO. Het u enigiets te doen gehad met die uitgee van hierdie begrafnisbrief? -- Ja, dit is so.

Het u die bewoording opgestel? -- Ek kan nie meer presies onthou hoe dit gekom het dat die bewoording so opgestel was nie, maar ek het ook 'n rol gespeel daarin.

Wat se rol het u gespeel? Laat ons net duidelikheid kry. -- Ek was teenwoordig gewees toe hierdie program opgestel is.

Het u enige beswaar gehad teen die program se bewoor-(20) ding? -- Nee.

HOF : Is dit 'n komitee wat dit opgestel het, u komitee? -- Ons was 'n hele paar lede van AZAPO bymekaar met die voorbereiding van hierdie dokument. Of dit nou net die komitee was of net die lede met die komiteelede, is wat ek nie kan onthou nie.

MNR. FICK : Die hele begrafnis self is deur AZAPO gereël. Is dit reg? -- Ja, dit is so. Ons het natuurlik mekaar gehelp met die gesin.

HOF : Wie help vir wie? Het u die gesin gehelp of het u die (30) begrafnis/...

begrafnis gereël, die reëlings getref? -- Ons het die gesin gehelp. Hulle het ons eintlik die reg gegee om sekere dinge te doen.

Het julle die kerk gereël byvoorbeeld, die diens? -- Ek het die saal gekry.

En die predikant? -- Die predikant moes die persoon gewees het wie se naam op hierdie program verskyn. Die persoon was nie teenwoordig gewees nie. Dus al predikant wat 'n lid was van AZAPO wat teenwoordig was daar, het toe oorgeneem. (10)

Wie is dit? -- Dit is eerwaarde Seoka.

MNR. FICK : Julle het ook die sprekers gereël, AZAPO? -- Ja, dit is so. Eintlik het ek met die gesin van Jabo die gesprekke daar uitgevoer wanneer daar enigiets bespreek moes word.

U het by hulle toestemming gevra om hierdie sprekers te laat praat wat wel op die program verskyn. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het u komitee van AZAPO besluit dat hierdie mense moet die sprekers wees? -- Ja, dit is so, al was die besluit (20) nie geneem deur die volle komitee nie, maar ons het so ooreengekom.

U was deel van die mense of een van die mense wat die besluit geneem het, wat nie 'n volle komitee was nie? -- Dit is so.

Die heel eerste bladsy voor as 'n mens die dokument oopmaak, BEWYSSTUK AP5, word daar gesê "Funeral service of a galant and dedicated revolutionary." Dan word die naam gegee en onder dit "Soldier of the people". -- Ja, dit is so.

Hoekom beskou u hom as 'n soldaat? -- Dit is omdat hy (30) gewerk/...

gewerk het vir die gemeenskap se bereiking van die doel van die regte wat die gemeenskap verlang het. Dit is nie 'n soldaat vir die oorlog nie.

Maar noem u almal wat help om die regte te verkry van die Swartmense soldate? -- Ek praat van AZAPO nie.

Maar as u nou hier voor op die dokument praat van - u noem hom 'n "revolutionary" en in dieselfde tyd praat u van hom hy is 'n "soldier", wat moes die gewone publiek verstaan wat nou hierdie program kry, waarmee is AZAPO besig? -- AZAPO is besig om werk te doen vir 'n volle verandering. (10)

En daarvoor gebruik hy soldate? -- Die lid van hierdie organisasie wat besig is om die werk uit te voer vir die volle verandering word gebruik.

HOF : Is alle lede van AZAPO "soldiers of the people"? -- Ja, dit is hoe ek hulle beskou.

En is alle lede van AZAPO "revolutionaries"? -- Ek beskou hulle so, ja.

En noem u hulle almal "comrades"? -- Ja, dit is so.

Noem u hulle "comrades" omdat julle staan vir 'n sosialistiese Republiek of om enige ander rede? -- Ek noem (20) hulle "comrades", want ons behoort almal aan dieselfde organisasie en ons glo aan een en dieselfde ding.

Ja, maar u noem seker nie die lede van u Metodiste Kerk "comrades" nie? -- Dit is 'n manier van praat wat maar in die algemeen gebruik word by die organisasie van AZAPO. By die kerke is dit eintlik nie so nie, maar dit geld ook vir die ander organisasies dat hierdie tipe van manier gebruik word. Byvoorbeeld Inkatha, UDF en die vakbonde, het ons mekaar so genoem.

MNR. FICK : U het geantwoord hier dat u noem hulle "comrades" (30)
omdat/...

omdat julle aan dieselfde organisasie behoort en tweedens omdat u aan dieselfde ding glo. Nou het u nie gesê wat is dieselfde ding nie. Is dieselfde ding sosialisme? -- Alles wat in die grondwet van AZAPO bevat word, is wat ek na verwys.

Terwyl ons die dokument voor ons het kan ons dit net verder bespreek. As ons die bewysstuk omblaai is daar 'n program. Laat ons heel bo begin. "MC", is dit Master of Ceremonies"? -- Ja, dit is so.

En dit is Kehla Mthembu van AZAPO wat u van getuig het?
-- Ja, dit is so. (10)

En die ander man Goitsimang Moseke, wie is dit? -- Dit is 'n lid van AZAPO.

HOF : Van u tak? -- Nee.

Van die hoofbestuur dan? -- As ek nie verkeerd is nie is hy van die Soweto tak.

MNR. FICK : Is hy op die bestuur van die Soweto tak? -- Ek sê dit nie met sekerheid nie. Moontlik, ja.

Om watter rede het julle besluit om 'n persoon, afgesien van mnr. Mthembu, van 'n ander plek by hierdie begrafnis as seremoniemeester te laat optree? Ek sal u sê hoekom vra ek (20) die vraag. Ek het hier gelees by die geskiedenis van die oorledene wat hier gegee word en ek sien nêrens dat hy ooit in Soweto was nie? -- Die oorledene was 'n lid van AZAPO. Kehla was ook 'n lid van AZAPO. Ons het besluit op Kehla Mthembu omdat ons geweet het hy weet hoe om die diens te laat vlot.

Sal u net die vraag antwoord. Waarom het u besluit op Goitsimang Moseke? -- Teenwoordig daar waar die besluit geneem was, was mense wat hom ook goed geken het, wat gesê het dat hy ook die nodige ondervinding het van die vlot verloop van diens. (30)

HOF/...

HOF : Was Kehla Mthembu 'n man van die Vaal of was hy 'n man van Soweto? -- Hy is van Soweto.

MNR. FICK : En verstaan ek dit reg, nie een van julle van AZAPO plaaslik het geweet hoe om hierdie tipe begrafnis te reël waar 'n klomp sprekers gereël moet word nie?

HOF : Te reël of te hou?

MNR. FICK : Te hou. -- Ons het eintlik nie spesifieke onder-vinding nodig gehad nie. Ons wou net gehad het hierdie diens moet gehou word op hierdie manier wat dit gedoen was.

Maar dan verstaan ek nou nie hoekom het u vir Kehla (10) gekry en hierdie ander man nie? U sê nou u het geweet hoe om dit te doen? -- As ek praat van die beleid wat daar gevolg moes word, praat ek nie noodwendig van wat gevolg moet word by die begrafnis nie. Ek praat van 'n vergadering van watter aard ook al dit kan wees. Kehla het saam met my gewerk en ek het gesien in daardie tyd hoe hy te werk gaan met vergaderings wat daar gehou was in my teenwoordigheid. Tweedens, die persoon was alreeds in AZAPO betrokke gewees en was al 'n president gewees van die organisasie. So, hy het kennis gehad van hoe om te werk te gaan met groot vergaderings. (20)

Kom ons kom nou by punt nr. 10 op dieselfde bladsy. Daar sê dit daar is 'n "speech" deur "Azanian Students Movement Vaal Region." Wie was die persoon wat gepraat het namens AZASM? -- Solly Mohape van Sasolburg.

Was daar nie in die woongebiede in die Vaal Driehoek, dit is nou wat in hierdie akte van beskuldiging gemeld word, die vyf rondom Vereeniging en Vanderbijlpark, AZASM sprekers nie? Kon julle nie plaaslik AZASM sprekers kry nie? -- Sasolburg is maar 'n gedeelte van die Vaal, dus het ons Solly Mohape gekry. Ek weet net nie presies wat sy amp was nie, (30)

maar/...

maar hy was in die besturende komitee van AZASM te Sasolburg.

Was daar op daardie stadium 'n AZASM tak by een van die vyf woongebiede rondom Vereeniging en Vanderbijlpark? --

Met my klein kennis daarvan is ek bewus van die tak van Sasolburg en Sharpeville. Wat die ander plekke betref weet ek nie.

Watter woongebied het Jabo Shabalala in gewoon? --
Gebied 3 Sebokeng.

HOF : Waaraan is hy dood? -- Hy was dood as gevolg van die optrede van huurmotoreienaars of -bestuurders se optrede.

Wat die rede daarvoor was is nie duidelik nie. (10)

MNR. FICK : Is hy raakgery met 'n motor of hoe is hy dood?

-- Hy is met 'n mes gesteek.

Weet u van enige moeilikheid wat daar was op daardie stadium ten tye van sy oorlye tussen die huurmotorbestuurders en AZAPO in die Vaal? -- Daar was nie moeilikheid gewees nie. Wat wel gebeur het is dat voor hierdie begrafnis gehou was, het ons 'n vergadering gehad.

Is dit nou met die huurmotorbestuurders? -- Ja, dit is korrek.

En was daar toe moeilikheid tussen julle en as ek nou (20) praat van julle bedoel ek AZAPO en die huurmotorbestuurders?

-- Daar was nie moeilikheid gewees nie. Die vergadering wat ek van praat het te doene gehad met die dood van Jabo.

Net kort, het u vasgestel waaroor is Jabo dood?

HOF : Hy sê hy weet nie die rede nie.

MNR. FICK : Kon julle op die vergadering enigiets vasstel oor wat gebeur het met Jabo, hoe is hy dood? -- Later het ek vasgestel dat daar 'n saak was wat aan die gang is aangaande die dood van Jabo, maar tot en met my arrestasie was daar nog nie finaliteit bereik oor die saak en wat daarvan geword (30)

het/...

het nie.

Net een laaste vraag oor hierdie aspek, hoekom het AZAPO gaan praat met die huurmotorbestuurders? -- Dit is omdat die gedrag van die huurmotorbestuurders of -eienaars nie meer 'n goeie een was waaroor mense tevrede was nie.

Dan wil ek met u gaan na punt nr. 13 toe op dieselfde bladsy van BEWYSSTUK AP5. Daar word gesê dat AZAPO het ook 'n spreker wat 'n toespraak gelewer het by die begrafnis, een van die Vaal. Wie was die spreker? -- Ek was die spreker.

Hier word gepraat van "Vaal Region". Het AZAPO op (10) daardie stadium toe die begrafnis gehou was reeds 'n streeksbestuur gehad? -- AZAPO het nog net een plek nodig gehad om 'n streek te stig.

Waar het julle dan takke gehad in die Vaal orals op daardie stadium van die begrafnis? -- Sasolburg, Bophelong, Boipatong, Sebokeng. Alhoewel in Sebokeng ons nog nie 'n goeie komitee geformuleer het nie, want dit was verwag gewees dat ons eers met hierdie taak klaar is, dit wil sê om dit te voltooi voordat ons 'n goeie komitee kan stig te Sebokeng. HOF : In Sharpeville? -- Sharpeville is reeds die plek (20) wat nog uitstaande was.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : En Evaton? -- In Evaton het ons lede gehad wat besig was om die organisasie te doen vir die formulering van 'n tak.

MNR. FICK : Dan punt 15, dit is Azanian Students Movement weer National Office. Wie was die spreker daar? -- Thami Mcerwa.

Watter posisie het hy bekleed in die nasionale kantoor van AZASM? -- Hy was die vise-president en ook 'n president van hoërskole. (30)

Het/...

Het AZASM h afdeling in sy bestuur net vir hoërskoolleerlinge? -- Ek weet net van Thami wat as h president bekend was as h hoërskoolseksie.

Punt nr. 16 AZAPO Central Committee member. Wie was die spreker daar? -- Libon Mabasa. Hy was die president.

Verstaan ek u reg dat hierdie predikant wat hier aangegee word Reverend A.N. Lekalaka het niks te doen gehad met die begrafnisreëlings die dag nie? -- Hy was net nie teenwoordig gewees nie.

Ons het gister voor ons op hierdie aspek ingegaan (10) het van die geweld van AZAPO en sy beleid het ons gestop by die vergadering wat u daar gehou het in die huis van Kebi Shabangu na die Maart 1980 AZAPO vergadering in die Vaal. -- Dit is so.

U het ook getuig dat hierdie interim komitee wat gekies was, het toe h openbare vergadering gereël? -- Dit het voorbereidings gedoen vir h vergadering waar die volle tak gestig moes gewees het.

Hierdie volle tak is toe gestig in Mei 1980? -- Ja, dit is so. (20)

HOF : Verfris net my geheue, watter tak is dit nou? -- Die Vaal se tak.

MNR. FICK : En hierdie vergadering was gehou by die huis van Kebi Shabangu. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Hierdie hele interim komitee is net so gekies as die komitee van die Vaal tak van AZAPO? -- Ja, dit is so.

Hoeveel van die publiek was daar by hierdie vergadering? -- Nee, daar was nie baie gewees nie. Ek skat ongeveer vyftig.

Het hierdie vyftig almal in die huis gekom van Kebi Shabangu waar die vergadering gehou is? -- Dit is so, ja. (30)

Ek/...

Ek wil aan u stel dat daar is aan die getuie IC.8 deur mnr. Bizos gestel volume 19 bladsy 820 en ek sal vir u lees "You see, I am going to suggest to you that this is just fantasy on your part, because if need be, as many as twenty people can give evidence that the AZAPO branch in the Vaal Triangle was established in March 1980 in Evaton."

HOF : Nou moet u darem net sê wat is die fantasie, waaraan knoop die stelling homself vas?

MNR. FICK : Die getuie was hier gekruisverhoor oor die datum wanneer ... (Hof kom tussenbei) (10)

HOF : Gaan dit oor die stigtingsdatum?

MNR. FICK : Oor die stigtingsdatum.

HOF : Watter datum het hy gegee?

MNR. FICK : Hy het gesê in 1983.

MR BIZOS : En mnr. Bizos sê in Maart 1980?

MNR. FICK : Dit is reg. Hierdie getuie sê dit is Mei 1980. -- Ek sien niks verkeerd daarmee nie. Die doel vir die stigting het begin in Maartmaand. So, in Maartmaand al was dit die voorneme gewees vir die stigting in 1980.

Dan is in u hoofgetuienis oorgegaan na wie die inisia-(20) tief sou geneem het om die tak te stig tussen Maart en September 1983 tot 1984. Nou wil ek vir u vra, die Sharpeville tak, wanneer is hy gestig?

MR BIZOS : Has the evidence not been to the contrary? That it was never formed?

MNR. FICK : Daar is sover u weet nooit tot op datum h Sharpeville tak gestig nie. Is dit reg? -- Dit is so, ja.

Het julle in hierdie tyd wat u daar was enige aktiewe pogings aangewend om h tak te stig? -- Dit is so, ja.

Wat se pogings het u aangewend? -- Soos ek alreeds (30)

gesê/...

gesê het, in die jaar 1983 was ek soontoe gewees waar ek by Thapeli se woning 'n vergadering gehou het waar ek in hierdie vergadering die mense aangemoedig het om 'n tak daar te stig. Dit is te Sharpeville.

Was die getuie IC.8 saam? -- Ja, hy was teenwoordig.

Vir watter doel was hy saam? -- Omdat ek hom genooi het om saam te kom.

Vir watter doel? -- Ek het aan hom verduidelik waarheen ons gaan.

Wou u gehad het hy moet u behulpsaam wees om 'n tak te stig? -- Hy sou my behulpsaam gewees het by hierdie vergadering, maar hy was nie die enigste persoon gewees nie.

Wie sou u nog gehelp het? -- Victor Maluleka.

Net die twee? -- Mense saam met wie ek vertrek het na Sharpeville toe was Victor Maluleka van Evaton en IC.8. Dit is die enigste twee persone saam met wie ek na Sharpeville toe gegaan het.

Hoeveel mense was op die ou end by die vergadering waar u probeer het om 'n tak te stig? -- As ek nie verkeerd is nie wat ons ses gewees, dit wil sê ingesluit ons. (20)

Wie was die ander? -- Thapeli, Boitjie Moshe, die een van Sasolburg Charles Mabitsele.

Is dit almal? -- Ja, dit is soveel ek kan

Wat was die probleem, hoekom is hierdie AZAPO tak in Sharpeville toe nie gestig nie? -- Die persone van Sharpeville moes lede in Sharpeville gewerk het sodat hulle in staat kon gewees het om die tak daar te stig.

En hulle het nie lede gewerf nie. Is dit die probleem? -- Ja, dit is so. Wat ek nog verder kan sê daar is dat ons het al vantevore lede in Sharpeville gehad. In die loop (30)

van/...

van die tyd het ons kontak met die lede verloor wat daar bestaan het. Dus hierdie persone wat ons nou hierdie keer gesprek het se ander plig was om kontak te maak met hierdie lede wat alreeds bestaan het, wie se vorms ons gehad het.

Kan ek net 'n bietjie vasstel, hierdie vergadering by Thapeli se huis, wanneer was dit gewees, sê u? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar as ek nie verkeerd is nie, was dit in Novembermaand gewees,

En die jaar? -- 1983.

Oor die bewering dat daar nooit 'n AZAPO tak was in (10) Sharpeville nie, wil ek hê u moet kyk na BEWYSSTUK AP14, asseblief. Dit is in boek 2. Nou stel ek dit aan u en ek gaan dit aan u lees, dit is 'n reeks pamfletjies waarin die opskrif so is "AZAPO Azanian People's Organisation ... " (Hof kom tussenbei)

HOF : Voordat u dit doen, is dit pamflette wat by die beskuldigde gevind is?

MNR. FICK : By die beskuldigde gevind is. "Azanian People's Organisation invites you to a general meeting of the Sebokeng and Sharpeville branches to be held at," ek stel nie op (20) hierdie stadium belang in Sebokeng nie "Sharpeville 19/5/84 Saturday, Anglican Church 14h00 2pm. Azania shall be free. We shall free her." U sê daar was nooit so 'n tak nie? -- Hierdie pamflet wat u nou hier sien, ek is die persoon wat dit voorberei het. Die idee van hierdie pamflet was om 'n massavergadering te hou om mense daar bymekaar te kry, dat die mense aangemoedig word en indien dit moontlik is dat daar dan 'n komitee gestig word met die oog op die stigting van 'n tak en dat die tak dan gestig word en dat daar 'n tak bestaan te Sharpeville. (30)

Alles/...

Alles wat u nou gesê het staan nie in die pamflet nie?
-- Kyk, ek sê vir u wat die doel van hierdie pamflet was.
Soos ek aan u gesê het, ek is die persoon wat dit voorberei
het.

Maar wat dink u sou die publiek nou gedink het as hulle
hier by die vergadering kom op uitnodiging van Sharpeville
se tak van AZAPO en hier hoor hulle hier is nie 'n tak wat
ons genooi het nie, hy moet nou gestig word, ons gaan hom
stig? -- Ek sou dit verduidelik het.

Sou u vir die publiek gesê het "Kyk, julle is glad (10)
nie deur die tak genooi nie, julle gaan nou die tak stig"?
-- Nee, ek sou hulle versoek het dat ons 'n tak stig.

Maar dit wat u nou sê wat u wou bereik het met die
publiek kon u mos net so maklik bereik het met die pamfletjie
deur net te sê daar "The Azanian People's Organisation invites
you to a general meeting to be held at." Dan kon u net hierdie
stuk uitgelaat het "the Sebokeng and Sharpeville branches."
Dan het u mos die waarheid vir hulle gesê baie korter? --
Ek het dit nie gedoen nie, maar ek het aan u verduidelik dat
ek dit sou verduidelik het by die vergadering. (20)

Waarom het u dit nie gedoen en net dood eenvoudig gesê
"Julle word uitgenooi na 'n algemene vergadering van AZAPO
op hierdie datum" nie? -- Ek het nie daaraan gedink nie.

Maar u het wel daaraan gedink om vir hulle te sê "die
'branch' wat nie bestaan nie, nooi julle"? -- Dit is so.

MR BIZOS : The document makes it quite clear that it is
the Azanian People's Organisation that makes the invitation.

MNR. FICK : Die getuie sê dit is hy wat dit opgestel het.

Ons weet nou wat u sê van Sharpeville, maar wat van Sebokeng?
Was daar op daardie stadium 'n tak in Sebokeng of was dit ook (30)

verkeerd/...

verkeerd?

HOF : Op daardie stadium is nou Mei 1984.

MNR. FICK : Mei 1984. Ons het baie lede in Sebokeng gehad wat h tak kon gestig het, maar ons was nog nie van voorneme om alreeds op daardie tydstip h tak daar te stig nie.

HOF : So, daar was nie h tak nie? -- Nee.

MNR. FICK : Wanneer is h tak gestig in Sebokeng? -- Daar was nog nie h tak gestig daar nie. Soos ek sê die stigting van die tak daar sou die werk belemmer het waarmee ons besig was. Dit is die stigting van die streek. (10)

HOF : Is daar nooit h tak gestig in Sebokeng nie? -- In die sin dat dit bekend staan as Sebokeng tak, nee, dit was nie gestig gewees nie.

MNR. FICK : Daar was geen ander tak van AZAPO met h ander neem in Sebokeng nie? -- Nee.

Dan net voor ons afstap van BEWYSSTUK AP14, hierdie Anglikaanse Kerk waar u die vergadering beoog het op 19 Mei 1984, is dit die kerk van beskuldigde nr. 3? -- Dit is so.

Het u by beskuldigde nr. 3 die toestemming gekry om die vergadering van AZAPO te gaan hou? -- Op die stadium van die (20) maak van hierdie pamflette het ek nog nie die toestemming gekry nie, maar ek het hierdie pamflet voorberei met die hoop dat ek die toestemming sal kry.

Het u die toestemming uiteindelik gekry? -- Nee, ek kon nie vir beskuldigde nr. 3 in die hande kry nie. Op daardie manier het ek dus nie daarin geslaag om iemand te kry met wie ek on gereël het vir die beskikbaarstelling van hierdie kerk nie.

HOF : En die ander kerk? -- Is dit die Small Farms?

Ja, wat ook op die kennisgewing staan? -- Ja, ek het daarin
(30)
geslaag/...

geslaag.

MNR. FICK : Het u ook eers gehoor die kerk is beskikbaar na u die pamflette gemaak het? -- Dit is na ek eers die toestemming gekry het dat ek dit op hierdie pamflet ingelyf het.

HOF : Het u hierdie pamflette versprei? -- Ja, ek het, maar nie te Sharpeville nie.

MNR. FICK : U het vir die Hof gesê in verband met BEWYSSTUK AP14 u het dit opgestel, maar wie het hierdie vergadering gereël? Is dit AZAPO in die Vaal of wie het die vergade-(10) ring gereël? -- Dit is so, ja.

Is dit die hele komitee wat gewerk het aan hierdie vergaderings om dit gereël te kry? -- Ja, dit is so, maar IC.8 was nie betrokke nie.

Wag nou net so 'n bietjie. Ek vra u nou oor die komitee van AZAPO en dan sê u IC.8 was nie betrokke nie. Was hy lid van die komitee van AZAPO? -- Ja, in 1984 was hy,

Wat was sy posisie? -- Sekretaris.

Wanneer het hy lid geword van AZAPO se bestuur? --
Ek dink dit was in Novembermaand. (20)

Van watter jaar? -- 1983.

Wanneer het hy lid geword van AZAPO? Nou nie die bestuur nie, 'n gewone lid? -- Ek vermoed dit was maar ook dieselfde maand van November.

Het u hierdie vergadering in Sebokeng bygewoon wat aangedui word op AP14? -- Ja, ek het.

HOF : Dit is 20 Mei 1984? -- Dit is so.

Is die vergadering van 19 Mei nooit gehou nie? -- Nee, dit was nie gehou nie.

MNR. FICK : Hoeveel mense was by hierdie vergadering in (30)

Sebokeng/...

Sebokeng op 20 Mei 1984? -- Hulle was nie baie nie. As ek moet skat sal ek sê daar was tussen twintig en dertig of om en by twintig.

Het u iemand saamgevat na die vergadering toe om behulpte wees met die vergadering? -- As ek nie fouteer nie, was ek in die geselskap van Charles Mabitsela.

Was dit die enigste in die Vaal AZAPO komitee wat daar by die vergadering was saam met u? -- Nee.

Wie van die komitee was nog by die vergadering? -- Victor Maluleka, Modise Lehoko. Hulle is die enigste mense wat (10) ek nog kan onthou.

Wie was die voorsitter van die vergadering? -- Ek was.

Het u toe vir die mense verduidelik wat die doel van die vergadering was? -- Ja.

Het u aan die mense verduidelik waarvoor AZAPO staan? -- Die vraag is dubbelsinnig. Praat u van die naam AZAPO, waarvoor dit staan of praat u van die organisasie AZAPO?

Het u aan die mense verduidelik wat die doelstellings van AZAPO is? -- Ja, dit is so.

Het u die konstitusie van AZAPO by u gehad soos in (20) BEWYSSTUK B1 wat ons alreeds behandel het en die "aims and objectives" afgelees vir hulle? -- Ja, dit is so.

Was die mene gretig om 'n tak te stig? -- Die doel van hierdie vergadering was nie dat daar 'n tak gestig moet word nie. Die eintlike doel van hierdie vergadering was dat die vergadering gehou was na die begrafnis van Jabo. Die rede hoekom die vergadering gehou was, is dat daar baie mense by hierdie vergadering was, na die vergadering - na die begrafnis by die begrafnis gesê het dat hulle by AZAPO wil aansluit. Ons het dus toe hierdie vergadering geroep. (30)

Ek/...

Ek verstaan u nou glad nie. Ek het tot dusver verstaan die idee van hierdie twee vergaderings was om te reël dat takke gestig moet word? -- Net ten opsigte van Sharpeville.

Wat moet die mense maak wat nou hier wil kom aansluit by die Sebokeng vergadering? Daar is nie 'n tak nie en julle wil nie 'n tak stig nie? -- Die meeste van die mense teenwoordig by hierdie begrafnis van Jabo het nie 'n idee gehad wat AZAPO is nie, met die gevolg dat daar van hierdie ouerige mense was wat onder die indruk was dat AZAPO maar 'n begrafnisorganisasie is. Die doel om hierdie vergadering te belê (10) was om dit duidelik te maak aan die mense wat AZAPO is.

U is seker nie ernstig met die antwoord wat u so pas gegee het dat die mense gedink het AZAPO is 'n begrafnisorganisasie nie? -- Ek praat van ouerige mense wat na my toe gekom het wat dit aan my gesê het by hierdie begrafnis. Dit is na ons Jabo begrawe het tydens die skenking van kos.

Ek wil net een punt aan u stel in verband met hierdie antwoord. Ek wil aan u stel dat geen mens wat BEWYSSTUK AP5 lees kon hoegenaamd enige idee gekry het dat AZAPO is 'n begrafnisorganisasie nie? (20)

HOF : Wat AP5 lees of wat die kennisgewing van die begrafnis lees?

MNR. FICK : AP5 is die kennisgewing van die begrafnis. -- Ek stem volkome saam met u dat 'n persoon wat dit gelees het sal nooit so gedink het dat AZAPO 'n begrafnisorganisasie is nie, maar wat veroorsaak het dat die mense daardie indruk gekry het was dat toe hulle nou verneem het hoe ons hierdie gesin gehelp het, hoe ons mekaar daar behulpsaam was met die gesin, het hulle toe daardie indruk gekry. Dit is wat die indruk by die mense geskep het. (30)

Ten/...

Ten aansien van AP14 wil ek net aan u stel dat die getuienis is vals dat daar nie 'n tak was in Sharpeville van AZAPO in Meimaand 1984 nie? -- Ek sê aan u daar was nie 'n tak gewees nie.

Terwyl ons nou op hierdie aspek van die takke is, kom ons kry dit nou reg. Boipatong, is dit reg daar was 'n tak van AZAPO? -- Ek is daarvan bewus as gevolg van die inligting wat ek gekry het van 'n bekende persoon aan my dat daar 'n tak bestaan het te Boipatong. Ek persoonlik was nog nie daar gewees om dit uit eie kennis te kan sê nie. (10)

Wanneer is hierdie tak van Boipatong gestig, sê u? -- Wanneer dit gestig was, sal ek nie met sekerheid kan sê nie, maar gedurende die jaartal 1983 het ek kontak gehad met hierdie persoon en wat ek nog aan u kan sê is dat daar was al vantevore 'n tak gewees te Boipatong. Dit is voor die tak wat ons nou besig is om te bespreek, maar die tak het op die ou end nie meer bestaan nie.

Wie is die persoon van wie u gehoor het van die Boipatong tak? -- Paseka Ralinala.

Wie is die man? Het hy enige pos in AZAPO of is hy (20) 'n vreemdeling? -- Hy is 'n lid. Die persoon was eintlik die voorsitter van die tak by die plek.

Daar is een ding van u getuienis wat vir my totaal duister is. U is deel van 'n komitee wat begin is om in die Vaal oral takke te stig. -- Ja, dit is so.

U weet nie van so 'n tak se stigting nie, u hoor dit? -- Ek is die persoon wat vir Paseka Ralinala gewerf het vir AZAPO. Ek het hom toe versoek dat hulle 'n tak te Boipatong moet stig. Met die stigting daarvan was ek nie daar gewees nie. (30)

Hoekom/...

Hoekom nie? -- Omdat dit nie nodig was dat ek by moet wees nie.

Het u nooit enige van hulle vergaderings gaan bywoon nie? -- Nee.

Maar u het later die voorsitter geword van AZAPO Vaal? -- Ja, dit is so.

Maar is dit nie deel van u pligte om te gaan kyk wat gaan aan by die takke nie? U hoor daar is 'n tak, maar u gaan kyk nie? -- Hulle het 'n grondwet gehad. Dus het hulle geweet hoe om te werk te gaan. (10)

U het later voorsitter geword van AZAPO in die Vaal. Die plan was om takke te stig in die Vaal en die doel was uiteindelik om 'n streek te stig van AZAPO? -- Dit is so.

Hoe werk dit dat u moet hoor by ander mense daar is 'n tak gestig en u het nie self gaan kyk ooit of vergaderings bygewoon nie? -- Soos ek sê, dit was nie nodig gewees nie. Daar is sekere dinge waarmee ek hulle gehelp het, hierdie mense wat ek van praat.

Wat se dinge het u hulle mee gehelp? -- Ek het die lidmaatskapvorms laat druk namens hulle en baie afskrifte (20) van die grondwet vir hulle gekry wat ek aan Paseka gegee het.

Wat nog? -- Dit is waarmee ek hulle gehelp het.

Maar nou verstaan ek u glad nie. Hoekom aan die begin toe ek vir u gevra het of daar 'n Boipatong tak is, toe kom u met so 'n snaakse antwoord van u het gehoor daar is een? -- Nee, dit is omdat ek 'n gepaste antwoord wou gegee het, want ek het nog nooit by hulle gaan sit om dit werklik te kan sien dat dit 'n tak is nie.

As dit u doel was om takke te stig, hoekom het u nie gaan sit en kyk of hulle 'n tak gestig het nie? -- Dit is (30)

omdat/...

omdat ek vertrouwe gehad het in Paseka.

Wanneer het u vir Paseka gewerf? -- Gedurende die jaartal 1983. Watter maand dit was, kan ek nie onthou nie.

Het u hom gewerf by 'n vergadering of hoe het u hom gewerf? -- Nee, soos ek alreeds verduidelik het, ek het vroeër eers in Boipatong gewoon. Dus het ek af en toe gekuier.

Wanneer het u hom gewerf? Aan die begin van 1983, einde 1983? -- Ek kan nie meer onthou wanneer in die jaar dit was nie.

Hierdie Paseka wat u gewerf het, wie het u nog gewerf (10) behalwe vir hom in Boipatong? -- Dit was die lede wat in die vorige tak was wat destyds nie meer bestaan het nie.

'n Persoon met die naam van Killer, het u hom gewerf? -- Ja, dit is so, by die vorige tak wat ek gesê het wat later nie meer gefunksioneer het nie. Sy regte naam is Ben Dibe.

Ek verstaan u antwoord nou nie mooi duidelik nie. Het u hom gewerf vir hierdie nuwe tak van Boipatong? -- Nee, ek het mos verduidelik dat ek hom gewerf het vir die vorige tak wat later nie meer gefunksioneer het nie.

Wag 'n bietjie. Het u vantevore mense gewerf vir 'n tak (20) en toe het hy doodgeloop en nie meer gefunksioneer nie? -- Dit is so.

Met 'n tweede tak? -- Ja, dit is so.

Wanneer was dit hierdie eerste werwing wat plaasgevind het vir die eerste Boipatong tak? -- In die jaar 1980.

Ken u 'n persoon met die naam van George Msimange? -- Ja, ek ken hom.

Het u hom ook gewerf? -- Ja, dit is so.

Vir die eerste of die tweede Boipatong tak? -- Vir die eerste tak.

(30)

En/...

En Tebakang Moketi, ken u hom? -- Ja, die persoon se van is Moketi en sy naam is Tebakang.

Het u hom gewerf? -- Dit is omgekeerd.

HOF : Met ander woorde, Moketi is sy naam? -- Moketi is die naam en Tebakang is die van.

MNR. FICK : Het u hom ook gewerf? -- Ja, dit is so.

Vir watter tak? Die eerste of die tweede tak? -- Die eerste een.

En ken u 'n persoon met die naam van Tete Malindi? -- Ja, dit is so. (10)

Het jy hom gewerf? -- Ja, dit is so.

Vir die eerste of die tweede Boipatong tak? -- Die eerste een.

Weet jy of hy enige familie is van beskuldigde nr. 5? -- Nee.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K710

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons was laas besig gewees met die Boipatong tak wat doodgeloop het en u(20) het toe gepoog om die ding weer aan die gang te kry. Wanneer het Boipatong se eerste tak doodgeloop? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, of dit nou doodgeloop het in 1980 of 1981.

Ek wil net seker maak by u. Hierdie Boipatong tak wat gestig was, was hy gestig nadat u, soos u getuig het, in Mei 1980 'n Vaal tak probeer stig het? -- Dit is so.

Nou wil ek met u oorgaan na Bophelong tak. Wanneer is hy gestig? -- Ek het daarvan bewus geword dat dit bestaan om en by die einde van die jaar 1983.

Hoe het u bewus geword van die bestaan van hierdie tak?(30)

Ek/...

-- Ek het dit verneem van een van Soweto se lede dat hy, die lid, verneem het van sy vriend dat die vriend en andere te Bophelong n tak gestig het.

Weet u wie was die voorsitter van hierdie tak? -- Ek vergeet wat die voornaam van die persoon is, maar sy van was Motobi.

Het u enige vergaderings van hierdie tak bygewoon? -- Nee, ek het nie.

Het die tak in Bophelong nog steeds bestaan tydens u arres? -- Volgens my kennis, ja, al het ek hulle nog nie (10) ontmoet nie.

Wie was verantwoordelik vir die werwing van hierdie persone wat hierdie tak van Bophelong gestig het? -- Ek sê ek het verneem van die persoon wat n lid is van Soweto dat daar n tak bestaan in Bophelong.

HOF : Is die antwoord dan "Ek weet nie"? -- Ja.

MNR. FICK : Ek wil vir u so vra, AZAPO, waar was sy hoofkantoor en het hy ook ander streke in Transvaal wat bestaan het in 1984? -- Ja, hy het streke gehad.

Was daar n Suid-Transvaalse Streek? -- Ja. (20)

Onder watter streek het die Vaal se AZAPO geval? -- Suid-Transvaal.

Was u aan Suid-Transvaal verantwoording verskuldig vir wat gebeur en wat julle program is in AZAPO? -- Weens die feit dat ek nog nie vantevore by die streek was nie en ook dat ek nog nie vantevore n verslag gemaak het aan die streek nie, sal ek kan sê dat ons eintlik nie aan die streek verantwoordelik was nie.

HOF : Het u nooit iets ontvang van die Streeksowerheid nie?

-- Ek het iets ontvang, soos briewe. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Met opdragte? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, is ek oortuig daarvan dat daar 'n bewysstuk is van daardie tipe. Ek sal u vra om dit aan my voor te lê.

HOF : Weet u watter een dit is?

MNR. FICK : Ek sal dit aan hom stel. Ek sal daarby uitkom. Ek wil net by u weet, het u opdragte ontvang deur die streek? -- Dit is eintlik wat dit vir my moeilik maak dat ek nie die vraag kan antwoord nie. Dit is juis die punt hoekom ek vra dat die bewysstuk voor my gelê word. (10)

Kom ons gaan dan na die bewysstuk toe AP29 in die tweede boek heel agter in, die derde bladsy van agter af in die boek.

HOF : Wat is op die eerste bladsy? Is dit veronderstel om 'n koevert te wees?

MNR. FICK : Dit is veronderstel om 'n koevert te wees.

HOF : Dit nommer ons maar bladsy 1. Die tweede dokument is "AZAPO Southern Transvaal region" 16 Julie 1984 'n skrywe. Dan het ons weer iets wat lyk soos 'n koevert. Dit nommer ons 3 en dan "AZAPO" weer 16 Julie 1984, dit lyk weer na 'n skrywe word 4. Watter bladsy verwys u na? (20)

MNR. FICK : Bladsy 2. Dit is 'n brief geskryf deur ene Mponeng Molefi Secretary en die adres wat hy opgee is Tjiawelo? -- Ja, dit is so.

Hierdie dokument is in u besit gevind. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Hierdie is 'n kennisgewing van 'n streekskonferensie van Suid-Transvaal deur die interim streeks uitvoerende bestuur vir 4 Augustus 1984 in Dube. -- Dit is so, ja.

Hoekom het u hierdie dokument in u besit? -- Dit is omdat hierdie briewe na my toe gestuur was by die werksplek/... (30)

werksplek met die oog daarop dat ek dit moet aflewer by die verskillende plekke in Bophelong en Boipatong.

Het u hierdie brief nooit afgelewer nie? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek kan nie meer presies onthou hoekom nie, maar ek het die mense - ek het met die mense telefonies in verbinding getree. Ek kan nie meer so goed onthou nie. Ons sou dit nie gemaak het of ons sou nie in staat gewees het om daar teenwoordig te wees nie.

HOF : By die konferensie? -- Ja, dit is so.

Met watter mense het u telefonies geskakel? Met die (10) afsender van die brief of met die geadresseerde van die brief? -- Dit is die persone aan wie hierdie briewe geadresseer was.

MNR. FICK : U het hierdie briewe per hand ontvang. Is dit reg? -- Dit is so, ja, maar ek het nie die briewe self ontvang nie. Toe die briewe daar afgelewer was, was ek nie in nie. Met my aankoms daar vind ek toe die briewe daar.

U was ook nie op hierdie konferensie nie of was u? -- Nee, ek was nie.

Maar u het darem sekerlik vasgestel waarom was hier-(20) die konferensie? -- Ek kan nie meer onthou of ek daarvan ingelig was of nie. Dit kan ek nie onthou nie.

Het u geen stukke ontvang na die tyd na die konferensie nie? -- Ek onthou nie dat ek ooit dit gehad het nie.

Hier word gepraat van 'n "interim regional executive". Kan u vir die Hof aandui wanneer is hierdie interim streeksbestuur gekies? -- Nee, ek weet nie.

Was u nie daar nie? -- Nee, ek was nie daar nie.

Het u nooit kennis gekry daar word so 'n bestuur gekies nie? -- Nee, dit kan wees dat dit as gevolg was van die (30)

feit/...

feit dat ons ook besig was om h streek te probeer stig in die Vaal. Dus dit kon veroorsaak het dat ek nie h belang gehad het daarin nie.

HOF : Sou die streek van die Vaal dan afstig van die Suid-Transvaal streek? -- Dit is wat ons van voorneme was om te doen, dat ons dit voorstel by die raad dat die Vaal se streek onafhanklik staan van die Suid-Transvaal.

MNR. FICK : Hoe reël u vir h streek op u eie as u nog nie eers goedkeuring gekry het van die raad dat u h raad mag stig nie? -- Eintlik wat betref die streek, word die same-(10) sprekings uitgevoer met die nasionale organiseerder. Ons moet daardie persoon gaan spreek en vir die persoon redes gee hoekom ons dit so wil hê dat daar h streek moet wees in die Vaal.

Dan wil ek net opsigte van Bophelong aan u stel dat u relaas met betrekking tot Bophelong glad nie aanvaarbaar is nie en vir die volgende redes. U is van plan om h tak in Bophelong te stig sodat u h streek kan stig, maar u het nooit een van Bophelong se vergaderings bygewoon nie, u het nie enigeen van daardie mense daar gewerf nie, u weet nie(20) eers wie het hulle gewerf nie? -- Wat ek aan u kan sê is, soos ek alreeds gesê het, dit was nie nodig gewees dat ek by die vergadering teenwoordig moet wees nie. Wat in werklikheid gebeur het is, op die ou end het ek die persoon Motobi geken en ek het reëlings getref en die moeite gedoen dat hy die vorms gekry het tesame met die grondwet se afskrifte.

Ons kom nou by die Sebokeng tak. Wanneer sê u is die tak gestig? -- Ek het gesê daar was nog nie h tak gestig nie. Daar was wel h goeie klomp lede daar gewees. (30)

Wie/...

Wie het hierdie lede gewerf? -- Van die lede was deur myself gewerf en van hulle was deur ander lede gewerf.

Op hierdie vergadering, 20 Mei 1984, wat julle in Sebokeng gehou het, wat het julle gemaak daar? Wat het julle besluit? -- Ons het die grondwet verduidelik. Soos ek alreeds vroeër gesê het, die mense wou graag geweet het watter soort van 'n organisasie is AZAPO.

Het julle enige besluite geneem op die vergadering? -- Al kan ek nie meer so goed onthou nie, maar een van die besluite daar was dat op 16 Junie 'n diens gehou gaan word. (10) Dit was ook besluit gewees dat van die mense wat teenwoordig was daar sal nog ander lede moet by kry vir AZAPO sodat ons 'n groot tak in Sebokeng kan hê.

Nou wil ek u verwys na 'n dokument AP15 en na die derde en die vierde bladsy.

HOF : Laat ons hulle maar nommer. Die eerste een is Trilor, die tweede een is Tshabalala, die derde een is half onleesbaar, dit lyk na Sekgogotla, die vierde een is Moforotsi, die vyfde een is Sapatsa, die sesde een is Sechaba, die sewende een is Sedi lyk dit vir my, die agtste een is (20) Mosala, die negende een is Andrew, die tiende een is weer Sapatsa, die elfde een is weer Mosala, die twaalfde een is totaal onleesbaar, die dertiende een is weer Sechaba, die veertiende een is weer Sedi, die vyftiende een is Molea. Hoe ver moet ek gaan? Dit lyk na 'n oor en oor herhaling.

MNR. FICK : Ek stel net belang in bladsye 3 en 4.

HOF : Ons is byna klaar. Die laaste een is dan nr.16.

MNR. FICK : Bladsy 3 en u kan sommer kyk na bladsy 4 ook.

Beide bladsye 3 en 4 is "Membership forms" van Azanian People's Organisation. Bladsy 3 het 'n datum op onder (30)

10 Junie 1984. Bladsy 4 het n datum 29 Mei 1984. -- Ja, dit is so.

Hiervolgens wil ek aan u stel, as u kyk aan die linkerkant bo staan daar "Region Vaal" en net onder dit "Sebokeng" op altwee bladsye 3 en 4. -- Ja, dit is so.

Nou stel ek dit aan u uit hierdie dokumente is dit duidelik dat daar was n tak in Sebokeng? -- Nee, ons het hierdie uitgegee en dit op hierdie manier geskryf sodat die mense kennis moet neem dat ons n tak te Sebokeng sal stig in die toekoms. (10)

Ek sal u nou opvat op daardie antwoord. Hierdie bewysstukke is ook in u besit gevind? -- Ja, dit is so.

HOF : Wie het dit onderteken as "Branch chairman"? -- Ek het dit onderteken.

MNR. FICK : Ek sê vir u weer, uit hierdie dokument uit blyk dit dat daar is n tak in Sebokeng en hy heth voorsitter. -- n Tak kan nie bestaan uit twee lede nie en twee lede kan eintlik nie n tak formuleer nie. Selfs die grondwet laat dit nie toe nie.

Nee, dit is nou so seker, maar wat ek aan u wil probeer (20) tuisbring is dat hierdie dokument - hieruit blyk dit dat hierdie twee mense, ten minste die twee wat hier genoem word, is lede van die Sebokeng tak en dit word bevestig deur n takvoorsitter wat u sê u is? -- Ja, ek erken op sig, as n mens na hierdie papier kyk, sal n mens daardie indruk kry, waar ek verduidelik dat dit nie so is nie.

Waarom het u hierdie vorms voltooi ten opsigte van hierdie twee persone? -- Hierdie eerste persoon, dit wil sê met verwysing na bladsy 3 was by my huis gewees toe die persoon kom aansluit het en ek het die vorms gehad. Wat die tweede (30) persoon/...

persoon betref, kan ek nie meer onthou onder watter omstandig- hede ek hierdie vorm ingevul het nie. Ek vermoed maar dat ook in sy geval was dit by die huis gewees. Ek sê dit nie met sekerheid nie.

Op die stadium wat u hierdie vorm voltooi het, volgens u getuienis nou, was daar ook nie 'n "Vaal Region" nie? -- Dit was nog nie geformuleer gewees nie.

Maar die korrekte posisie wat u moes gemaak het as u die waarheid getuig ten aansien van die streek en die bestaan van AZAPO Vaal tak, dan moes u daar geskryf het by streek (10) "Suid-Transvaal" en by tak "Vaal"? -- Ja, al moes dit so gewees het, wil ek dit by u tuisbring dat ons eintlik nie daarmee saamgestem het nie, dat ons onder Suid-Transvaal se streek moet val nie, want dit sou baie werk veroorsaak het vir ons in die sin dat ons baie vergaderings moet bywoon wat ver gehou word.

Het u ooit enige van die vergaderings bygewoon van die Suid-Transvaal streek? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek weet nie. Ek het net nie vantevore die vergaderings bygewoon nie. Die enigste uitnodiging (20) wat ek gehad het is die een wat ons nou net bespreek het. Na daardie een het ek nie weer 'n uitnodiging gekry nie.

Maar het u nie probeer vasstel daar waar u werk saam met mnr. Mthembu wat is aan die gang, hoekom kry u nie uitnodigings na die Suid-Transvaal streek toe nie? -- Soos ek alreeds verduidelik het, ons was nie eintlik geïnteresseerd in hierdie streek nie.

U kan mos nie so 'n antwoord gee nie. U is die voorsitter van 'n tak wat val onder daardie streek. Dit is mos u plig om dit by te woon? -- Tweedens, ek het eintlik gekyk na (30)

die/...

die gebeure wat plaasvind in die Vaal. Ek het niks eintlik te doene gehad met ander dinge wat nie by die Vaal is nie.

Net een aspek nog hieroor. As u nie geïnteresseerd was in wat by die streek gebeur nie, hoe kan u die mense in die Vaal van AZAPO verteenwoordig by die sentrale bestuur van AZAPO en hulle belange op die hart dra as u nie die streeksvergaderings bywoon nie? -- Ek weet nie waarvan u praat as u nou 'n verwysing maak na die sentrale bestuur nie, maar soos ek alreeds gesê het, die tak het in die jaar 1983 begin - nee, dit is vir die eerste keer deur my verteen- (10) woordig by die Raad in 1983. Wat my betref, die Raad was iets belangrik in vergelyking met die streek.

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 19 TO BE EXCUSED.

MNR. FICK : Maar u was nou by hierdie nasionale raad. Kan u dan vir die Hof sê om watter rede is die streeksbesture ingestel as die takke wat onder hulle val hulle kan ignoreer en nie hulle vergaderings bywoon nie en nie belangstel daarin nie? -- In die eerste plek, die Vaal is ver geleë van Johannesburg af. Ons was geïnteresseerd in die formulering van ons streek en om dit te doen, was daar geen oortreding van enige (20) regulasies nie.

Ek sal afstap van hierdie aspek.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U sê die eerste maal wat u die tak van die Vaal verteenwoordig het was by die streeksraad van 1983 - by die algemene raad, ekskuus tog, die nasionale raad. -- Ja, ek.

U woordgebruik dui daarop dat u die tak by ander geleenthede ook verteenwoordig het? -- Ja, dit is so.

HOF : Ook op die nasionale raad? -- Ja, dit is so.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Sou dit dan in 1984 nog gewees (30) het/...

het? -- Dit is so.

HOF : Was dit die gewone jaarvergadering? -- Ja, dit is so. Volgens die beleid daar behoort ons omtrent drie nasionale raadsvergaderings te hou in 'n jaar. So, dit was een van die drie wat dan normaalweg gehou sou gewees het in die jaar.

Waar is hy gehou? -- Lenz. Ek kan nou net nie meer onthou in watter saal nie, maar dit was in Lenz gewees.

MNR. FICK : Terwyl ons op hierdie aspek is, laat ons dit net duidelik kry. AZAPO het 'n nasionale raad waar die takke op verteenwoordig is en dié vergader, soos u sê, (10) ongeveer drie keer 'n jaar? -- Dit is veronderstel om so te wees.

Behalwe die nasionale raad is daar nog 'n jaarlikse kongres ook wat gehou word? -- Ja, dit is so.

HOF : Is daar elke jaar 'n kongres? -- Dit is so.

Dus u het in 1983 die raad bygewoon en in 1984 die raad bygewoon en watter kongresse het u bygewoon? -- Dit is in die jaar 1984.

Net in daardie jaar? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Waar is hierdie jaarlikse kongres in 1984 (20) gehou? -- In Lenz.

U het geantwoord daar is veronderstel om drie raadsvergaderings te wees per jaar? -- Ja, as ek nie fouteer nie, sê ek dit is so.

Hoeveel nasionale raadsvergaderings het u bygewoon? Dit is in 1983? -- Een.

Waar? -- Elsie's River, Cape Town.

Het u die datum van daardie nasionale raadsvergadering in 1983? -- Ja, dit is die twee datums. Die 8ste het dit begin tot die 9de. Dit was Oktobermaand 1983. (30)

Na/...

Na so 'n jaarlikse kongres, dan word daar stukke uitgestuur deur AZAPO vir sy lede waarin die besluite bekend gemaak word wat op die kongres geneem is en beleid uiteengesit word. Is dit reg? -- Praat u nou van die resolusies of waarvan praat u nou?

Ek sê daar word dokumente van besluite en toesprake en beleidsbeslissings wat op die kongres geneem is deur AZAPO opgestel en dit word versprei aan die lede.

HOF : Beskuldigde nr. 19 is terug. -- Die verteenwoordiger, indien hulle die kongres bygewoon het, sal hulle sulke (10) dokumente sommer daar by die kongres kry. As daar miskien 'n beleid is wat verander is, byvoorbeeld in die sin dat die kongres is die enigste liggaam wat die beleid verander, dan word die sake in kennis gestel. Dit wil sê dit is die sake wat nie by die kongres verteenwoordig was nie. Dit is hoe ek weet.

MNR. FICK : Net volledigheidshalwe wil ek u verwys na B17. Dit is in die tweede volume.

HOF : P17 is 'n baie lang dokument.

MNR. FICK : Dit is so. Die tweede bladsy wil ek u na (20) verwys op hierdie stadium. Dit is die tweede bladsy van voor af. Het u dit? -- Ja, ek het dit.

Stem u saam dit is die notule van die verrigtinge van die tweede jaarlikse kongres van AZAPO wat gehou is in St. Peters Seminary Hammanskraal van 6 tot 7 Maart 1982? -- Ja, volgens die bewysstuk voor my.

Ken u die betrokke dokumente ook? Het u dit al gelees? Ek kan u gerusstel, u hoef nie vreeslik te lees nie, ek gaan u nie uitvra oor die inhoud daarvan nie. Ek wil net by u verneem of u tevrede is dit is die notule van die verrigtinge (30) van/...

van die tweede kongres? -- Nee, kyk, ek moet eers duidelik wees. As u sê ek stem saam, wil u my laat verstaan dat ek ook teenwoordig was of dat ek hierdie notule alreeds vantevore besit het of wat is die posisie?

Nee, ek vra vir u, is u tevrede uit kennis, waar u dit ook al gekry het in die verlede, dat hierdie is die notule van die verrigtinge van die tweede kongres van AZAPO? -- Ek weet nie, want ek was nie by hierdie kongres teenwoordig nie.

Libon Mabaso, het hy nog 'n naam waarvan u weet? -- Ja, hy het. (10)

Wat is sy ander naam? -- Tiyane. Ek is nie seker of dit T-i is of T-y-a-n-e nie.

HOF : Is dit nou sy eerste naam of sy van? -- Dit is sy eerste naam.

MNR. FICK : Nou wil ek vir u vra, ken u 'n persoon met die naam Sibosiso Mabaso, S. Mabaso? -- Nee.

Ek wil u dan verwys na BEWYSSTUK B2. U Edele, die getuie het dit reeds geïdentifiseer. Hy is gevra daaroor. Dit is B2 volume 1. Is u tevrede dat B2 die verrigtinge van die hele kongres is, die derde kongres van AZAPO wat gehou was (20) by Edendale? Hierdie dokument was in u besit gevind? -- Ek erken dat die dokument in my besit gevind was en volgens die dokument bevat dit dit wat daar gebeur het. Ek self was nie daar teenwoordig nie. Dit is al wat ek daaromtrent kan sê.

Was dit aan u verskaf deur AZAPO onder die verstandhouding dat dit stukke is van hulle kongres wat gehou was in Edendale Februarie 1983? -- Ja, dit is so.

Nou wil ek vir u vra, ek sien hierdie dokument op die eerste bladsy staan daar "Mobilise and consolidate the liberatory efforts of the oppressed masses." Is dit 'n slagspreuk (30)

wat/...

wat vir h spesifieke jaar gekies is deur AZAPO of wat weet u van die opskrif? -- Dit was die tema van die kongres.

Word daar elke jaar h nuwe tema vir AZAPO se kongres bepaal? -- Ja, dit is so.

Nou wil ek u verwys na BEWYSSTUK B18 in volume 2. As u na die heel eerste bladsy voor op kyk, stem u saam dat hierdie is die stukke van die vierde jaarkongres van AZAPO? -- Ja, dit is so.

En op bladsy 2 staan dit is gehou van 8 tot 9 Januarie 1984? -- Ja, dit is so. (10)

HOF : Waarom staan daar bo "On the march"? -- Dit was h tema van die kongres.

MNR. FICK : Is die hele tema "On the march and facing the challenges"? -- Dit is so.

HOF : Nie net "On the march" nie? -- Nie net "On the march" nie, maar ingesluit "facing the challenges". Dan is dit volledig.

Terwyl ons nou met hierdie onderwerp besig is. Kan ek net vasstel, is dit AZAPO se beleid, as h mens nou kyk, terwyl ons besig is met B18 om sekere AZAPO sprekers, (20) lede te kry om die tema toe te lig en oor sekere onderwerpe toesprake te hou by hulle kongresse? -- Ek dra nie kennis daarvan dat daar enige persoon is wat toelig op die tema van die kongres nie. Dit was die eerste keer gewees wat ek h kongres van AZAPO bygewoon het. So, ek is nie op hoogte daarvan of dit wel gedoen word nie.

MNR. FICK : Wie is hierdie P.C. Jones op bladsy 2 van B18 wat daar h stuk geskryf het onder die titel "Reaching the people"? -- Dit is die persoon wat oor hierdie hoofde gepraat het. (30)

Is/...

Is hy 'n lid van AZAPO? -- Ja.

In die bestuur van AZAPO, nasionaal? -- In die jaar 1984 was hy gekies as 'n vise-president van die Wes-Kaap.

Ken u die persoon Nakeli Matthews Phosa? -- Hy is een van die persone wat 'n toespraak daar gelewer het. As ek reg onthou was dit bekend gemaak dat die persoon 'n prokureur is.

Is hy ook 'n AZAPO lid? -- Ek het nie sulke kennis nie.

Dan 'n persoon met die naam van Jerry Mosala? Ken u so 'n man? Hy is skynbaar 'n predikant of 'n teoloog? -- Ek het gehoor dat daar gesê word hy is 'n dosent. Ek weet nie in (10) teologie of in wat nie.

HOF : 'n Dosent in teologie? -- Ja.

MNR. FICK : U sê vir die Hof u was hier by gewees. Toe u by die kongres gekom het, word die afgevaardigdes dan onmiddellik voorsien by hulle aankoms met hierdie stukke? -- Ja, wat gebeur het is die volgende. Die spreker kom daar met 'n voorbereidingstoespraak met verskillende kopieë daarvan. Dit wil sê dit word versprei by die kongres.

HOF : Is dit nou by aankoms? -- Nie by aankoms nie, maar net voor die spreker 'n toespraak lewer, word dit versprei. (20)

MNR. FICK : Word die toesprake wat die mense gaan lewer vooraf goedgekeur deur AZAPO? -- Mense wat daarvan sal weet is die mense wat by die nasionale kantoor, dit wil sê die raad, dien.

Dan net laastens, na 'n persoon op so 'n kongres sy toespraak gemaak het, word die ding bespreek en goedgekeur of afgekeur of gestem daaroor of wat gebeur? -- Na die sprekers almal die toesprake gelewer het, dan word dit gesê dit is nou die toesprake wat gelewer is by hierdie kongres. Daar word nou besluite daaromtrent geneem. Daar word niks eintlik direk(30) gedoen/...

gedoen op die toesprake self nie.

HOF : Word daar nie 'n geleentheid gegee om vrae te vra of 'n bespreking van die toespraak nie? -- Nee, volgens wat ek sien wat daar gebeur, is die volgende. Na die toesprake gelewer is, word daar kommissies gekies wat dan daar sit en sekere hoofde van die toesprake bespreek.

En dan terugkom met 'n rapport? -- Ja, dit is wat gebeur, maar u moet my so verstaan. Ek meen nie dat die hele toespraak deur hierdie kommissies weer bespreek word in die sin dat dit ontleed moet word nie. Wat gebeur is, die ver-(10) skillende hoofde van 'n toespraak word bespreek, in die sin dat hier is 'n hoof wat 'n persoon oor gepraat het en dit is al wat bespreek word deur die kommissies.

Word daar dan later besluit dat hulle daardie toespraak aanvaar deur die hele kongres? -- Ja.

MNR. FICK : En hierdie is almal aanvaar van BEWYSSTUK B18? -- Met aanvaarding daarvan bedoel ek dit word aanvaar dat so 'n toespraak gelewer was by hierdie kongres wat dan 'n deel van die geskiedenis vorm.

HOF : Van die geskiedenis of van die stukke van die kongres?(20) -- Dit is toesprake wat gelewer is by die kongres wat dan die geskiedenis sal vorm van die organisasie.

MNR. FICK : Kan ek u net laastens verwys na BEWYSSTUK B17.

HOF : Waarom kan u dit nie môre doen nie?

MNR. FICK : Dit is oor dieselfde onderwerp, maar ons kan dit maar môre doen.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 21 MEI 1987.